

COMMUNIKÉ



FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

1920 - 1995

U
R



Universiteit van Pretoria



Communiqué word opgedra aan
prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
vanaf 1991 tot 1995.

Inhoud

Jaargang 8 November 1995

Skakelblad

Communiké word saamgestel deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria. Hierdie skakelblad verskyn een keer per jaar en word gratis aan oudstudente en ander teikengroepe van die Fakulteit verskaf.

Met die nodige erkenning mag enige deel van die inhoud van Communiké elders aangehaal word. Menings wat in hierdie publikasie uitgespreek word, weerspieël nie noodwendig die sienswyse van die Fakulteit nie.

Redaksionele bydraes word verwelkom en sal, met die voorbehoud van redaksionele veranderinge, vir plasing oorweeg word.

Rig bydraes en navrae aan

Die Redakteur: Communiké
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Universiteit van Pretoria
Pretoria
0002

Tel. (012) 420-3328

Faks. (012) 342-2431

Redakteur


Estelle de Beer

Assistent

Sonja Jansen

Taalversorging: Van der Walt Reklame
Fotografie: Stephan Visser en Frank Louw
Ontwerp: Ink Design Studios, Pretoria
Reproduksie: Future Graphics
Drukwerk: Klem Lloyd Printers, Jhb

ISSN 1013-168X



Universiteit van Pretoria

- 2 Dinamiese groei deur baanbrekerswerk
- 4 Economics: the way the world is linked
- 6 Management in Africa must march to a different drum
- 8 Navorsingseenheid vind antwoorde op vrae
- 10 Tukkietutors maak studente touwys
- 12 Transparency and democracy go hand in hand
- 14 MBA onder die vergrootglas
- 16 SRO voldoen aan die verwagtinge
- 17 Mentors maak dit makliker
- 18 Akademici presteer uitnemend
- 20 STATOMET gives you the solutions
- 22 Dinamiese oud-Tukkiet maak haar merk
- 24 Fakulteit klink 'n glasier op 75 jaar
- 27 MPA lok groot belangstelling
- 28 Welkom aan die nuwelinge
- 30 Informatika spog met 'n Informatorium
- 32 Strategiese resep plaas Tukkierugby op die wenspoor
- 34 'n Kwarteeu van Bemakingbestuuropleiding
- 36 Books - the best in the business
- 38 Gemeenskapsdiens dra by tot groei
- 40 Bemaking vier 25ste verjaardag
- 41 Kursusse
- 42 'n Doyen en baanbreker gee sy indrukke
- 43 Viserektor en oud-kollega tree af
- 44 Nagraadse opleiding kry 'n nuwe tuiste
- 46 Ooreenkoms plaas opleiding binne almal se bereik
- 47 Insurance made easy
- 48 'n Huldeblyk aan prof Fourie

Dinamiese groei deur baanbrekerswerk

Die jaar 1995 verteenwoordig 'n besondere hoogtepunt in die geskiedenis van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Dié Fakulteit is vanjaar 75 jaar oud - 'n mylpaal wat ons met trots gevier het.

Groei in kwaliteit, kwantiteit en diversiteit is kernwoorde wat die Fakulteit sedert sy ontstaan in 1920 beskryf. Sy vermoë om met die hoëvlak mensekrag- en navorsingsbehoefes van die openbare en private sektor tred te hou, asook sy toekomsgerigte strewes om steeds op vele terreine 'n daadwerklike bydrae tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap te lewer, maak van hierdie Fakulteit 'n baanbreker.

Die Fakulteit, wat aanvanklik met 32 studente begin is en net op die buitemuurse kampus lesings aangebied het, het sedertdien gegroei en ontwikkel tot die grootste op die Tukkies-kampus. Vandag spog ons met 'n

die gebou en ongeveer 6 000 studente - amper 'n kwart van UP se totale studentekorps.

'n Dinamiese toekomsbenadering binne die Fakulteit lei tot daadwerklike groeigerigheid. Die Fakulteit se groei in diversiteit is 'n bewys dat hy aan die eise van die sakewêreld en die openbare sektor voldoen. Hierdie groei word veral weerspieël in die nuwe spesialisingsrigtings, departemente en navorsingsburo's wat in die Fakulteit gestig is.

Die verskillende studierigtings wat hier aangebied word, is een van die Fakulteit se sterk punte. Die instelling van spesialisingsrigtings in BCom(Bemarkings-

bestuur), BCom(Hotel- en Toerismebestuur), BCom(Bankwese) en BCom(Kommunikasiestuur) is enkele voorbeelde waar Tukkies eerste was om in besondere praktykbehoefes te voorsien. Die Fakulteit bied 19 BCom- en twee BAdmin-spesialisingsrigtings aan.

Research

The Faculty has also played a leading role in the field of research. The establishment of the Bureau for Economic Politics and Analysis, the Bureau for Financial Analysis and the Bureau for Statistical and Survey Methodology (STATOMET) speaks of this. A scientifically based and vocational oriented approach to education is followed in the the Faculty and is broadened and deepened through scientific research. The Faculty also contributes to a large extent to the community services programme

of the University, by presenting amongst others, short courses and certificate programmes.

Apart from this we are also involved in other initiatives in the interest of the University and the student community. Examples of these are the investigation that led to the satellite campus in Witbank; research on student buying patterns, that amongst others led to the establishment of the Hatfield Plaza Shopping Centre and the restructuring of Tuks Rugby.

'n Toekomsblik

Ons het vanjaar onder die indruk gekom van die stewige fondament waarop hierdie Fakulteit oor die afgelope 75 jaar gebou is. Voormalige dekane, departementshoofde en ander personeel het diep spore in die geskiedenis van die Fakulteit getrap en het grootliks daartoe bygedra dat die Fakulteit tans die grootste van sy soort in die land is.

Hierdie omvattende groei in studentegedalle en aktiwiteite het ons genoodsaak om die fisiese fasiliteite verder uit te brei om hoofsaaklik vir nagraadse studie voorsiening te maak. 'n Nuwe nagraadse fasiliteit, wat in 1997 in gebruik geneem sal word, word tans opgerig. Hierdie fasiliteit sal nuwe geleenthede vir die Fakulteit open en in 'n sekere opsig 'n nuwe era inlui.

Die eksterne omgewing waarbinne die Fakulteit funksioneer, is besig om snel te verander. Dinamiese markleierskap en veral groter internasionale betrokkenheid op vele terreine gaan onmisbare elemente in die strategiese bestuur van die Fakulteit wees indien hy sy mededingende voordele in die werkplek wil volhou en uitbou.

Ons betree nou 'n nuwe tydvak met geweldige potensiaal en daar bestaan besondere geleenthede om 'n bydrae tot



Prof Siegf Marx, Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe


Suid-Afrika se welvaartskepping te maak. Die begin van 'n nuwe era het egter ook in 'n ander opsig aangebreek. Op 1 Januarie 1996 neem ek die pos van Viserektor: Bestuursdienste oor en verlaat die Fakulteit waar ek vir bykans 40 jaar gewerk en geleef het. Ek het besondere beroepsbevrediging en lewensvreugde as dosent, navorser en bestuurder hier ervaar.

Ek wil graag by hierdie geleentheid die Universiteitsraad en die Hoofbestuur van harte en opreg bedank vir die geleentheid wat my gebied is om 'n beskeie bydrae tot hierdie besondere en uitnemende Fakulteit te kon maak.

Aan my departementshoofde en ander akademiese en administratiewe kollegas, baie dankie vir u vertrou, samewerking en

ondersteuning, asook kreatiewe, skeppende en innoverende denke en handeling. U het grootliks bygedra en dra steeds by tot die sukses van ons Fakulteit. Baie dankie ook aan die administrasie- en al die ondersteuningspersoneel vir u begrip en ondersteuning - dit het my taak as dekaan soveel makliker gemaak.

Die volgende dekaan sal beslis baie geleenthede kry om sy stempel op die Fakulteit af te druk en nuwe projekte aan te pak. Ek wens hom sterkte daarmee toe.



Economics: the way the world is linked

Trends in the global economy was the main focus of the Annual Fall Meeting of Project Link (Linkage of International Economic Forecasting Models), held for the first time in Africa at the University of Pretoria in September this year.

More than 100 experts in economic analysis and forecasting from economic institutes and universities in more than 60 countries, including the industrial and newly industrialised coun-

tries, met under the chairmanship of Nobel Laureate Prof Lawrence Klein. Their purpose was to forecast, analyse and discuss trends in the global economy with a time horizon of three to ten years in order to link economic models developed by experts of individual countries.

Accurate forecasts had been prepared before the meeting and cyclical and structural trends were then identified for each of the world regions such as: North America, Europe (West and East), South America, the Central and Far East, the Middle East and Africa. Although economic growth, world trade and exchange rates were emphasised, topical economic issues were also highlighted.

SA in the world economy

"Aspects of short and medium-term prospects for the South African economy were reviewed by Project Link and the importance of the government's RDP as well as regional economic cooperation in Southern Africa was emphasised," says Prof Geert de Wet, Head of the Economics Department.

In a special session hosted by the South African Reserve Bank, the group reviewed economic prospects for South Africa and the positioning of this country in the world economy.

Speakers highlighted the enormous potential of the South African economy

and the progress made in the recent past. They also focused on remaining problems which include the need for further deregulation of many aspects within the South African economy, improvement in productivity and international competitiveness, long-term reductions in unemployment and the creation of an economic climate that attracts international long-term capital to supplement domestic financial resources.

African development issues

"Several sessions were devoted to a thorough discussion of the African outlook and prospects for improved development in various regions of the continent," says Prof De Wet. "The general assessment from representatives was somewhat less favourable than pronouncements made recently by a number of international institutions. Policies in many countries remain inward oriented, political instabilities hamper economic progress, debt burdens severely limit policy options and the international external environment (commodity terms-of-trade, financial markets) remains challenging."

International financial markets

"It was noted that the nature of capital flows between developed and developing countries seems to have changed fundamentally in recent years, and that flows of public funds into developing countries have basically dried up, are likely to remain small and are increasingly being replaced by private capital flows. Countries interested in attracting foreign capital to supplement domestic resources, such as South Africa, will continue to face a most competi-

tive environment. In the medium-term, noticeable relief can be expected through continued improvements in government budgets in industrial countries," explains Prof De Wet.


World economic outlook

In line with many international observers, Project Link called for a small downward revision in the global economic outlook for 1996. The experts concluded that the world economy is likely to continue on a path of solid, yet unspectacular growth of approximately 3 per cent in 1996.

Growth in developing countries as a whole will remain firm (above 5 per cent), while growth appears to be temporarily slowing down in North America (to under 2.5 per cent). A slightly better performance is expected in continental Western Europe. Economic activities remain extremely sluggish in Japan, with some improvement expected in 1996. Growth is now seen to resume in a few countries in Central and Eastern Europe. However, positive growth in the former Soviet Union is not expected until 1996.

The vigorous expansion of international trade is indicative of further internationalisation of economic activities, and is reflective of the most recent round of tariff reductions under the GATT agreement. Project Link expects improved terms of trade for many exporters of primary commodities.

In sub-Saharan Africa, most countries are expected to continue experiencing stagnant or slightly improved per capita incomes; relatively low commodity prices have been aggravated by civil disturbances. For some countries, improved policies are reflected in positive economic growth; in others, agricultural production is picking up.



However, for the region as a whole, the outlook for growth remains poor. In contrast to a more optimistic outlook presented recently by the World Bank, which did indeed suggest moderate per capita income gains for sub-Saharan Africa, the LINK forecast does not incorporate a measurable turnaround for the region as a whole.

"The department values its contact with LINK and through LINK with top universities and institutions around the world. It is in particular able to channel the knowledge and insight obtained through its association with LINK to a large number of students from South Africa and the rest of Africa," says Prof De Wet. "By hosting the 1995 Project Link meeting the Economics Department adds another milestone to its proud history."

*Photo above left:
Prof Sam Olofin (Ibadan, Nigerië); Prof Bert Hickman (Stanford, VSA); Prof Lawrence Klein (Pennsylvania, VSA); Prof Peter Pauly (Toronto, Canada); Prof Geert de Wet (UP) (Photo: Metro)*

M

anagement in Africa must march to a different drum

If Africa cannot stop the downward management spiral in its private and public sector, it will eventually end up being a source of basic commodities and become even poorer. This was the message from international and local speakers at the International Conference on Management in Africa, held by the Faculty of Economic and Management Sciences in collaboration with the Southern Africa Institute for Management Scientists and the Association of Industrial Psychology in October 1995.

"It is common knowledge that Africa is becoming increasingly marginalised. To remain competitive in a rapidly changing global economy African countries will have to meet many development challenges head on. Effective management practice in public and private

sector enterprises will be essential if Africa is to develop its human and natural resources," says Prof Nic Alberts, Director of the Graduate School of Management, and Chairman of the Organizing Committee.

To be competitive in the Global Village a country needs investment, tourism and the ability to add value to its raw material resources. Except for the well know pro-

blems of high birth rates, poor education systems, disease and drought, Africa is also struggling with a disintegration of government structures. Leaders and managers who can effectively manage socio-economic development projects are extremely scarce.

Africa, and Southern Africa in particular, are characterised by contradictions



All the keynote speakers during the ICMA conference were from America. They are Proff Gerald Caiden, Richard Steers, Naomi Caiden, Fantu Cheru and Stell Kefalas. With them is Prof Chris Thornhill, Director of the School for Public Management and Administration.

which present many management challenges. These include:

- Opportunities for economic growth and development, but also a concomitant lack of capable entrepreneurs and managerial expertise to realise these opportunities.
- An abundance of natural resources that has led to complacency and a lack of competitiveness on international markets.
- The availability of modern technology, which at times is applied inappropriately.
- A desire to progress, the achievement of which is hampered by a lack of productivity due to *inter alia* the integration of different population groups in organisations.

Mr Djankou Ndjonkou, Director of the International Labour Organisation's (ILO) office in Southern Africa said at the conference that "productivity" no longer brings to mind long shifts and exhausted assembly line workers slaving away under dehumanising conditions. The ILO states that productivity improvement, as a basic principle of production, must serve the well-being of people.

Mr Ndjonkou also explained the ILO's policy change with regard to developing communities. In the past the ILO assisted developing countries financially, but they now aim to help countries to become more self sustainable. One of the programmes of the ILO being implemented in this regard is the Enterprise Development Programme. This programme is based on the premise that economic growth and the creation of sustainable, quality jobs are largely the result of competitive and productive enterprises.

African management

"Management is in itself an extremely complex subject in which economic, cultural and technological factors contribute to complexity," explains Prof André de Villiers of the Department of Business Management. "Most of the management concepts and techniques used in Africa today have their origin in European cultures and even in recent years in the Japanese culture."

American management systems focus on the individual, high rates of return and a short time perspective. Japanese management systems on the other hand emphasise the team approach and a much longer time perspective. The key question is therefore whether these countries are effective role models for Africa and, if not, what adaptations should be made to these inherited management practices. How does "ubuntu" fit with these paradigms and can suitable African management models be developed to provide for our needs?

Prof Gerald Caiden, Professor in Public Administration at the University of Southern California, reiterated the fact that the world is becoming impatient with Africa. "The time has come to put an end to the distrust that divided leaders and communities - to banish the spirit of confrontation. Managers in Africa are going to have to cope more on their own." South African professionals will have to generate appropriate new ideas that can be used to manage current challenges. They have to accept who they are - Africans - and abandon the unrealistic desire to be American and European," he said.

•The hosts of the conference were the Faculty of Economic and Management Sciences, SA Institute for Management Scientists and the Society for Industrial Psychology.

"Managers need to establish new competitive and co-operative practices. They must understand their situational reality and yet remain open to foreign influences in order to adapt them into creative solutions for the challenges we face in Africa."



Navorsingseenheid

vind unieke antwoorde op versekeringsvrae

Navorsing maak vandag 'n belangrike deel van die plaaslike en internasionale versekeringsbedryf uit. Daarsonder sou hierdie komplekse bedryf nie in staat wees om sy toekomstige risiko's te bepaal of om nuwe produkte wat aan kliënte se behoeftes voldoen, te ontwikkel nie.

Die Departement Versekerings- en Aktuariële Wetenskap lewer reeds sedert sy ontstaan in 1988 'n navorsingsdiens aan die versekeringsbedryf. Om kontraknavorsing egter meer gestruktureerd aan te bied, is 'n navorsingseenheid vanjaar binne die departement op die been gebring.

“Binne dié eenheid word daar hoofsaaklik op die toepassing van aktuariële tegnieke in nie-tradisionele aktuariële omgewings gekonsentreer,” sê prof George Marx, Hoof van die Departement Versekerings- en Aktuariële Wetenskap.

“Wat hierdie navorsingseenheid uniek maak, is die feit dat ons nie vir 'n persoon 'n rekenaarmodel gee wat 'n oplossing vir sy betrokke probleem voorstel nie. Ons poog om uiteindelik 'n unieke oplossing vir 'n unieke probleem voor te stel.”

“Die kompleksiteit in die versekeringsbedryf is vandag van so 'n aard dat 'n model telkens unieke aspekte moet aanspreek en daarom verskillend moet lyk. 'n Spesifieke kliënt sal byvoorbeeld taxi's wil verseker, terwyl 'n ander 'n luukse gesinsmotor wil verseker,” verduidelik hy. “In elk van hierdie gevalle moet 'n unieke model die betrokke vraagstuk aanspreek.”

Die waarskynlikheidsmodelle wat byvoorbeeld in die motorversekeringsbedryf en die mediese versekeringsbedryf gebruik word, sal ook verskil. “Ons gebruik nie bloot 'n bepaalde teoretiese model nie. In die lig van die probleem wat ons ondersoek, sal ons byvoorbeeld 'n model ont-

wikkel wat die beste oplossing vir daardie probleem bied,” sê prof Marx.

Die navorsingseenheid, wat deur mnre Roger Grobler en Willem Roos, twee dosente by die Departement geïnisieer is, het hoofsaaklik ten doel om kontraknavorsing vir ondernemings, individue en versekeraars te onderneem. “Persone in die versekeringsbedryf weet nie altyd hoe om aktuariële tegnieke in nie-tradisionele areas soos mediese versekering en korttermynversekering toe te pas nie. Ons kan hulle hiermee help,” sê prof Marx.

Die navorsingseenheid se eerste opdrag was om vir die internasionale herversekeringsmaatskappye, Hannover en Hollandia, 'n premieberekeningsmodel en 'n databasis vir natuurlike katastrofes te ontwikkel. Die databasis moes vir katastrofes soos haelstorms, aardbewings, ensomeer voorsiening maak, terwyl dié maatskappye se premieberekeningsmodel vir katastrofeversekering in Suid-Afrika op 'n meer wetenskaplike grondslag bereken moes word.


“Die navorsingseenheid het ook met die finansiële hulp van Hannover en Hol-

landia van die grond af gekom. Hulle borgskap het ons in staat gestel om die nodige elektroniese verwerkingskapasiteit aan te koop," verduidelik prof Marx.

'n Makelaar wat private motorversekering namens Lloyds of London hanteer, het ook intussen die navorsingseenheid genader om navorsing te onderneem ten opsigte van die differensiasie in die premietariewe vir motorversekering tussen beter risiko's en swakker risiko's. "Hierdie projek is suksesvol afgehandel en die onderskrywers van Lloyds of London was besonder beïndruk met die model wat ontwikkel is."

"Ons is ook tans besig om 'n generiese noodversekeringsmodel te ontwikkel wat veral op noodversekering, maar ook op ander soorte versekering toegepas kan word, aangesien die beginsels daarvan dieselfde bly. Die uiteindelijke statistiese toepassing van die model sal van die spesifieke probleem afhang," verduidelik hy.

Mnr Grobler en Roos het onlangs 'n besoek aan Lloyds of London in Engeland en Hannover in Duitsland gebring om die werksaamhede van die navorsingseenheid wyer te toets en bekend te stel.



Mnr Roger Grobler, prof George Marx en mnr Willem Roos wat die navorsingseenheid by die Departement Versekerings- en Aktuariële Wetenskap tot stand gebring het.



Dr Michellé Potgieter, Senior Onderrigadviseur en koördineerder van die tutorprogram in die Fakulteit.

Tukkies-tutors maak

Die studentelewe met sy vele fasette kan oorweldigend wees wanneer 'n student vir die eerste keer by 'n universiteit inskakel. Die koshuislewe, nuwe klas-draf- en studiepatrone asook vryetydsbesteding verskil soms heelwat van dit waaraan studente gewoond was.

Om veral eerstejaars behulpsaam te wees met hul aanpassing by die studen-

telewe het die Universiteit van Pretoria twee jaar gelede 'n tutorprogram van stapel gestuur. Tutors, wat uit die geleedere van voltydse senior voorgraadse en nagraadse studente aangewys word, tree as 'n skakel tussen die student en die dosent op. Hulle poog hoofsaaklik om akademiese en sosiale aanpassing van studente van eerste- tot derdejaarsvlak te vergemaklik en uitvalkoerse te verminder. Tutorprogramme het verder ten doel om:

- vakgerigte akademiese ondersteuning te gee;
- die sosiale aanpassing van studente te vergemaklik deur emosionele, finansiële, studie- en verhoudingsprobleme te ondervang;
- die aanpassing tussen skool en Uni-

versiteit te vergemaklik; en

- sosiale en kulturele waardes in 'n tersiêre onderrigomgewing te verbreed.

"Die tutorstelsel is daarop gerig om die studentgesentreerde onderrigmodel van die Universiteit, wat op probleemoplossende denkontwikkeling gerig is, te ondersteun. Die oorkoepelende strewe is om studente spoedig vaardig te maak sodat hulle selfstandig kan funksioneer en presteer," sê prof Siëg Marx, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. "Deelname aan die tutorprogram is heeltiemal vrywillig."

Tutors bied aanvullende hulpsessies in die vorm van onder andere groep-

klasse aan waartydens die studiemateriaal bespreek word. "Hierdie groepklasse is baie suksesvol aangesien studente maklik met 'n tutor identifiseer en dus makliker vrae vra. 'n Tutor is ongeveer dieselfde ouderdom as die student, ondervind dikwels dieselfde probleme en skryf ook eksamen. Die studente leer by mekaar - veral wanneer die groep multikultureel is," sê dr Michellé Potgieter, Senior Onderrigadviseur by die Fakulteit.

Tutors gee gereeld aan dosente terugvoering oor aspekte waarmee studente probleme ondervind, waarna die nodige aanpassings aan die leerplan gemaak word.

Om tutors vir hierdie reusetaak toe te rus, word formele opleiding in kommunikasievaardighede, groepwerk, basiese onderrig- en fasiliteringsbeginsels verskaf.

Basiese vaardighede waarvoor hulle moet beskik is:

- Denkvaardighede
- Aanbiedingsvaardighede
- Korrekte studiemetodes
- Motivering van studente
- Die hantering van multikulturele groepe
- Tydsbestuur
- Groeptegnieke - veral die hantering van kleingroepe
- Taal
- Verbale kommunikasievaardighede
- Streshantering
- Rekenaarvaardighede

Soms ondervind studente nie net op akademiese gebied probleme nie. Hulle klop dikwels ook om hulp aan wanneer hulle probleme met verblyf, vervoer, ens. ondervind. Tutors word opgelei om hierdie probleme na die regte persone te kanaliseer.

Die tutorstelsel in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is baie suksesvol en ons het heelwat oor die afgelope twee jaar bereik. Studente skakel beslis makliker by die kampuslewe in en vind baie baat by die programme," sê dr Potgieter. "Gedurende 1996 sal ons ons hoofsaaklik daarop toespits om die stelsel nóg verder te verfyn."


studente touwys

Dr Michellé Potgieter (middel) saam met 'n groep tutors wat studente oor die kampuslewe touwys maak.



dit perspective on public accountability", was released in February this year. This report is the seventh of its kind in a series of reports issued by the School for Accountancy. "Research done by this department is frequently directed at issues that concern the members of the profession and particularly the users of the financial reporting process. With this report we once again tried to address a relevant problem," explains Prof Gloeck.

Governments have considered public accountability an essential prerequisite for the efficient production and delivery of



Prof Dieter Gloeck, Professor in Auditing at the School for Accountancy. He conducted research on transparency and accountability in the auditing profession.

T ransparency and democracy go hand in hand

"Transparency and public accountability has been the subject of much discussion since this country's transition to democracy," says Prof Dieter Gloeck, professor in Auditing at the School for Accountancy. "The question is no longer whether or not government and the public service providers should be accountable, but rather how they can be more accountable," he says.

A research report on this subject entitled "Transparency and Accountability: an au-

public services. According to Prof Gloeck public accountability has also been inseparably bonded with the concept of democracy and is often used as a criterion in measuring true democracy.

Public accountability has become an important aspect in developing countries. It can be regarded as the competitive edge in satisfying the needs of enterprises providing urgently required investment lending and development assistance.

The World Bank has the following message in this regard: "Public accountability has assumed special significance in the context of the governance of developing countries. As a leading internatio-

nal development agency, the World Bank is concerned about the effective governance and public accountability in its borrow countries and they are prerequisites for the success of its investment lending and related assistance programmes."

What is public accountability?

The concept of accountability involves socio-political and socio-economic aspects as well as mass psychology. Traditionally the definition of accountability focuses on the obligation to publish an account or report. Today the public declaration of an organisation's mission and how it will go about achieving this, are central to determining accountability.

Accountability can be linked to empowerment and innovation; two concepts which are very relevant to our country's development. Accountability is about asking questions and having them answered.

Ways to strengthen public accountability

"Effective public accountability can only be sustained and improved if the public are willing and able to choose alternatives to the providers of public services and to exert pressure on the public service providers to perform," says Prof Gloeck.

Monopolies held by public service providers, legal barriers that prevent the development of alternatives, and information barriers are examples of factors which need to be removed or overcome. In developing countries educational barriers also influence the public's ability and willingness to voice their opinion.

Every social context requires communication between those who are put into a position of responsibility and those to whom they are accountable. People in these positions must be prepared to answer about what they are doing.

Audit is a social control mechanism for securing accountability. Without audit there is no accountability and without accountability there is no control.

Prof Gloeck says that the general improvement and refinement of existing auditing practices and standards will contribute towards the enhancement and strengthening of accountability. The four areas that warrant particular attention and care are auditor's independence, auditing standards, performance auditing and the form of the audit report.

Transparency

Accountability and transparency are closely associated. The independent auditor has an obligation to be sufficiently transparent in order to convince the public that he/she had indeed performed an independent audit. The onus is therefore on the auditor to provide proof that he/she has at all times been independent.

The auditor can assist with the transparency process by enhancing the flow of information between the providers and receivers of public accountability. The performance audit plays a key role in this respect.

The external audit function's contribution

The auditing profession in South Africa (both the public and private sector), must continually adapt and develop its functions with due consideration of the requirements of user groups.

The public audit in particular, can act as an instrument for ensuring an open, regular, effective and responsive government. This approach will have a direct bearing on the conduct of government and private business and on the nature of public life.

The auditor on the other hand, should be given the necessary resources and tools and be removed from restraints in order to achieve the above stated objectives.

"This will make a significant contribution towards the objective of empowerment in South Africa. The public service provider is reminded that if we don't hold onto accountability, empowerment could turn into anarchy," says Prof Gloeck.

Transparency

MBA

onder die vergrootglas

Sterk visionêre en sakeleierskap sal in die toekoms nodig wees as Suid-Afrika sy regmatige plek in die internasionale handelsarena wil inneem," sê prof Piet Nel, Adjunk-direkteur: MBA-opleiding by die Nagraadse Bestuurskool.

"Hierdie uitdagings wat aan die bestuurders van môre gestel word, sowel as die veranderinge wat oor die afgelope paar jaar in Suid-

Afrika plaasgevind het, het daartoe gelei dat die MBA-program wat tans by die Bestuurskool aangebied word, onder die vergrootglas geplaas is," sê prof Nel. "Na deeglike oorweging is daar besluit om dié program te herstruktureer en meer relevant vir vandag se bestuurder te maak. Met die ontwikkeling van die nuwe geïntegreerde MBA-program is tenses by oorsese bestuurskole ondersoek en insette vanuit die beroepswêreld en die Adviesraad van die Bestuurskool verkry," verduidelik hy.

Die doel van hierdie nuwe MBA-program is hoofsaaklik om funksionele opleiding met die kennis en vaardighede

aan te vul wat bestuurders in staat stel om hulle volle potensiaal in die uitvoering van hulle bestuurstaak te verwesenlik. Hierdie program is uniek in die sin dat spesiale aandag aan die ontwikkeling van spesifieke persoonlikheidseienskappe van bestuurders gegee word. Die student word dus as mens verder ontwikkel en veral entrepreneurskap- en leierskapvaardighede word gekweek.

Bestuurders wat goed in algemene bestuurspraktyke geskool is, is vandag gesog in die arbeidsmark. Spesialisasie in die MBA-graad hou dus nie baie voordele vir die bestuurder in nie.

VOORTGESETTE BESTUURS- OPLEIDING

- **SBP** – Seniorbestuursprogram
- **BOP** – Bestuursontwikkelingsprogram
- **BP** – Bestuursprogram
- **BB** – Bemerkingsbestuur
- **GBB** – Gevorderde Bemerkingsbestuur
- **GPB** – Gevorderde Projekbestuur
- **VAB** – Vroue as Bedryfsleiers
- **UB** – Uitvoerbemaking
- Ander gespesialiseerde kursusse op aanvraag

NAVRAE: (012) 420-3339

(012) 420-3380

FAKS: (012) 43-7223

DIE GEÏNTEGREERDE

MBA


PERSOONLIKE GROEI DEUR DIE INTEGRASIE VAN KENNIS EN VAARDIGHEDE

NAVRAE: (012) 420-3374





Prof Piet Nel, Adjunk-direkteur: MBA-opleiding



Struktuur en inhoud van die MBA-kursus

Die hersiene program wat in 1996 in werking gestel word, bestaan uit drie fasette.

Die doel van die eerste faset is om aan studente insig in die dinamika van die sosio-ekonomiese omgewing waarin die onderneming funksioneer te gee, en om hulle voor te berei om in 'n bestuurs-hoedanigheid op te tree.

Die tweede faset het ten doel om die beginsels en werking van die bestuursproses aan studente tuis te bring en om daardie persoonlikheidseienskappe wat hulle bestuursvermoë beïnvloed te ontwikkel. Verder word studente met die bestuurs hulpmiddels en -tegnieke toegerus wat hulle in staat sal stel om hulle bestuurspotensiaal in die praktyk ten volle te ontplooi.

In die derde jaar sal daar veral op die integrasie van kennis en vaardighede gekonsentreer word. Dit behels praktiese georiënteerde opleiding in die bestuur van die verskillende funksies van die onderneming met 'n oorkoepelende kursus wat veral op die taak van hoofbestuur konsentreer.

'n Skripsie oor 'n onderwerp van die student se keuse moet ook ingehandig word voordat 'n kandidaat slaag. In plaas van 'n skripsie kan 'n bestuursverslag egter ook opgestel en aanvullende teoretiese opleiding deurloop word.

"Statistieke ten opsigte van die MBA-kursus dui daarop dat die aantal kursus-stakings vanaf 1992 afgeneem het en dat die aantal gegradueerdes en skripsies wat geregistreer is, toegeneem het. Dit spreek van meer effektiewe keuring en motivering van studente," sê prof Nel.

Opsommings van MBA-skripsies is nou in 'n bundel beskikbaar. Aangesien die skripsies van MBA-studente sedert 1989 nie meer as publikasies in die biblioteek geplaas word nie, is opsommings van die skripsies wat gedurende 1992 en 1993 verskyn het in 'n bundel saamgevat en by die Nagraadse Bestuurskool beskikbaar gestel. Die koste van die bundel is R20 per eksemplaar. Eksemplare van die bundels sal ook aan sommige biblioteke beskikbaar gestel word.

SRO

voldoen aan die verwagtinge

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding lewer jaarliks Geoktrooieerde Rekenmeesters van hoogstaande gehalte aan die arbeidsmark. Vanjaar was dan ook geen uitsondering nie.

"In opleiding tot op honneursvlak fokus ons hoofsaaklik op Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding," sê prof Herman de Jager, Direkteur van die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO). "Die uitslae in die Openbare Rekenmeesters- en Ouditieursraadseksamen is 'n kritiese aanduiding van die stabiliteit in die opleiding wat ons by Tukkies aanbied," sê hy.

Hy voeg by dat die gemeenskap, die rekenmeestersprofessie en die studente die slaagpersentasies van die Kwalifiserende Eksamen (KE) as die standaard van rekenmeestersopleiding by 'n betrokke universiteit beskou. "Daarom monitor ons die verwagtinge in die rekenmeestersprofessie baie noukeurig."

Hierdie monitoring het daartoe gelei dat prof De Jager vanjaar navorsing onderneem het om te bepaal wat die verwagtinge van die rekenmeestersprofessie ten opsigte van die slaagpersentasie in die KE is. Hy wou ook vasstel wat die persepsies van rekenmeestersfirmas ten opsigte van die praktykgerigtheid van die KE is.

"Daar word soms gevra of ons nie te streng met die STR-opleiding is nie.

Hierdie vraag het my aangespoor om vas te stel wat die ware toedrag van sake in die arbeidsmark is," sê prof De Jager.

"Die resultate van die ondersoek het getoon dat die Skool vir Rekenmeestersopleiding beslis aan die verwagtinge in die praktyk voldoen en dat ons slaagsyfer na aan die verwagte syfer is. Die standaard wat ons vir die STR-eksamen stel is dus absoluut in die kol," sê hy.

'n Tukkies onder die top tien

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding het ouergewoonte 'n kandidaat onder die top tien aspirant ouditeurs in die land opgelewer.

Delwin Witthöft van Deloitte & Touche was een van 85 Tukkies wat vanjaar die landswye kwalifiserende eksamen (KE) geskryf en boonop met lof geslaag het. Hy was derde uit ongeveer 1 500 kandidate.





Mentors maak dit makliker

Prof Quintus Vorster, Departementshoof: Departement Rekeningkunde, in die Deloitte & Touche/"National Sorghum Breweries" - ouditorium wat op 5 Oktober 1995 in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappegebou geopen is. Die Departement Rekeningkunde gebruik die lokaal hoofsaaklik vir Magister- en Doktorale- studente tydens mentorskap-byeenkomste, asook vir gemeenskapsdiens-programme.

Die suksesvolle voltooiing van studies is vir enige student en dosent belangrik. Programme soos die unieke mentorskapprogram van die Departement Rekeningkunde, is gevolglik ingestel om leiding aan studente te gee met betrekking tot hulle studies.

Die Departement Rekeningkunde van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe by Tukkies is die enigste van sy soort in die land wat 'n mentorskapprogram met sy Magister- en Doktoralestudente volg en dus 'n baie gestruktureerde opleidingsprogram aanbied. "Dit is tot so 'n mate suksesvol dat ons waarskynlik meer Magister- en Doktoralestudente as enige ander soortgelyke departement in Suid-Afrika het," sê prof Quintus Vorster, Departementshoof.

Die program is hoofsaaklik op studente wat navorsing doen toegespits en nie noodwendig op dié wat gedoseerde kursusse volg nie. Nagraadse studente ervaar die behoefte om van tyd tot tyd bymekaar te kom en gedagtes ten opsigte van hul navorsing uit te ruil. Daar is in hierdie behoefte voorsien deur die mentorskapprogram van stapel te stuur om groter interaksie by studente teweeg te bring. Mentors, oftewel kundiges op 'n spesifieke terrein, woon byeenkomste van studente by en gee raad en advies ten opsigte van hul navorsingsprojekte.

"Hierdie proses gee aanleiding tot 'n groter mate van wedersydse verryking. Die persoon in die Kaap wat by ons 'n proefskrif doen, weet presies wat die persoon doen wat in Natal woon en 'n proefskrif by ons doen. Omdat hulle van

mekaar weet, ruil hulle gedagtes oor hulle navorsing onderling uit. Hierdie program staan onder die kundige leiding van prof Daan Gouws en lewer baie goeie resultate," sê prof Vorster.



die Stalsprys vir Staatswetenskap en Ontwikkelingsadministrasie.

Die Stalsprys word vir 'n hoogstaande publikasie in Afrikaans, asook vir individuele of gesamentlike wetenskapsbeoefening toegeken. Die lewering van individuele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gemaak word, word ook erken.



Prof Chris Thornhill

Prof Thornhill kan beskou word as een van die mees senior akademici wat

Akademici presteer uitnemend

Uitsonderlike prestasies is vanjaar deur akademici van die Fakulteit, sowel as drie Oud-Tukkies behaal. Twee professore het Stalspryse ontvang, twee is as uitnemende presteerders by die Universiteit van Pretoria aangewys en drie Oud-Tukkies het eredoktorsgrade ontvang.

Twee van die Fakulteit se akademiese personeel het Stalspryse van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Hulle is prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit en ontvanger van die Stalsprys vir Ekonomie, asook prof Chris Thornhill, Direkteur van die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie en ontvanger van



Prof Sieg Marx

Prof Marx het in sy loopbaan 'n besondere bydrae tot die uitbou van die Afrikaanse literatuur oor Strategiese en Bemerkingsbestuur gelewer. Dit blyk duidelik uit die groot verskeidenheid publikasies wat hy op sy eie of saam met ander kundiges op hierdie gebied gelewer het. Hy het nie alleen in vakkundige artikels tot sy eweknieë gesprek nie, maar het ook aan die voorpunt gestaan van die uitbou van die handboekspektrum op hierdie terrein. Hy kan verder beskou word as dié baanbreker op die gebied van Bemerkings- en Bemerkingsbestuur.

tans in Suid-Afrika in die vakgebied Publieke Administrasie staan. Hy het 'n toonaangewende rol in die meeste paradigmatveranderinge gespeel wat oor die afgelope paar dekades in die wetenskap van die Suid-Afrikaanse Publieke Administrasie plaasgevind het. Prof Thornhill het voorts die voorreg om die brug tussen die ou en die nuwe Suid-Afrika te slaan en steeds 'n wetenskaplike van formaat te bly. Onder sy portuurgroep word hy eweneens as 'n leidende figuur beskou.

Uitnemende akademiese presteerders

Twee professore van die Fakulteit het vanjaar die hoogste akademiese erkenning wat die Universiteit van Pretoria toeken, ontvang. Prof Geert de Wet, Hoof: Departement Ekonomie en prof Mike Truu van dieselfde departement is albei as uitnemende akademiese presteerders aangewys.

Die ontvanger van hierdie toekenning moet 'n besondere staatur as wetenskaplike hê en moet uitnemend in onderrig,

navorsing en gemeenskapsdiens presteer. Hy moet ook internasionaal op sy vakgebied uitblink.



Prof Geert de Wet

Prof de Wet publiseer baie en oor 'n wye terrein. Hy word dikwels plaaslik en internasionaal genooi om referate, lesings en voordragte te lewer en sy publikasies en standpunte oor die ekonomie word hoog geag.

Prof de Wet dien plaaslik en internasionaal op besture van verskeie vakverenigings en was vir die afgelope twee jaar President van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika. Hy dien gereeld op die redaksies van ekonomiese vaktydskrifte en word ook dikwels deur erkende buitelandse instansies genooi om lesings te gee en bydraes tot boeke te lewer.



Prof Mike Truu

Prof Mike Truu het heelwat boeke en artikels die lig laat sien en is 'n wêreldleier op die gebied van Transisie-ekonomie. In

hierdie verband geniet hy erkenning in Oos- en Wes-Europa, die VSA en Suid-Afrika.

Prof Truu word steeds deur die ekonomiese professie in hul hoogste rade betrek. Verder word hy gereeld na internasionale kongresse genooi en tree veral in Estland as ekonomiese adviseur vir daardie regering op.

Eredoktorsgrade

Drie oud-Tukkies is gedurende die feesjaar van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe uitgesonder om eredoktorsgrade te ontvang. Hulle is prof Koos Stadler, voormalige Viserektor: Akademies van die Universiteit van Pretoria, dr Jan Visser van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut en dr Ben Vosloo van die Kleinsakeontwikkelingskorporasie.

Hierdie persone het as oudstudente van die Fakulteit op akademiese gebied, maar ook in die praktyk 'n besondere bydrae tot die welvaart van die land en sy mense gelever.



Prof Koos Stadler

Die graad DCom (Honoris Causa) is aan prof Stadler toegeken vir die besondere wyse waarop hy as akademikus en ekonoom 'n leidinggewende rol gespeel het om die dissipline van Ekonomiese Politiek in Suid-Afrika te vestig en uit te bou.



Dr Jan Visser

Dr Visser ontvang die graad DCom (Honoris Causa) om aan hom as 'n hoogaangeskrewe en gerespekteerde bestuurswetenskaplike erkenning te verleen. Hy lewer ook 'n buitengewone bydrae ten opsigte van die verbetering van produktiwiteit in Suid-Afrika.



Dr Ben Vosloo

Die graad DCom (Honoris Causa) is aan dr Vosloo toegeken om aan hom erkenning te verleen as 'n innoverende bestuurswetenskaplike wat instrumenteel was in die ontwikkeling van die entrepreneurspotensiaal van vele Suid-Afrikaners. Hy het ook 'n merkwaardige bydrae aan die kleinsakesektor en algemene welvaart van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gelever.

STATOMET, the Bureau for Statistical and Survey Methodology has over the past three years proved that it is an accessible scientific research institution. From July 1992, STATOMET has been providing support to multi-dimensional challenges by way of specialist input and researched solutions to the private and public sector.

formation System (MCI) has been developed to assist in the provision of demographic, product, income and expenditure data of the South African population," says Mr Deon Herbst, Director: STATOMET.

In 1993 STATOMET embarked on a three-year training programme in the North West Province as part of the University's community service programme. A group of officials of the Statistics Branch enrolled for the course. The certificate programme "Survey and Data Management" will be concluded at the end of 1995. This activity complements the Reconstruction and Development Programme of the Government of National Unity as it addresses one of the key programmes, "Developing our

the last two years. This barometer projects quarterly the expected inflation index for a period of 6 months ahead, at time of publication. This reading is widely being used by decision-makers on a national level. Another barometer, Security Climate Indicator was recently compiled by STATOMET. This crucial indicator evaluates, models and projects the security climate in South Africa and will become a crucial instrument in the future management of the South African society on a macro-level," explains Mr Herbst.

"On behalf of the Pretoria Capital Initiative STATOMET developed a model by means of which the financial implications of moving Parliament to Pretoria was determined. The total cost saving for the national budget was estimated at R65 million per annum, as at present."

S T A T O M E T

gives you the solutions

In the construction industry research was also done into

To address a broad spectrum of research needs, six operational units have been actively assisting clients in the following fields:

- Econometrics
- Technometrics
- Survey Methodology
- Market Research
- Biometrics/Epidemiology
- Socio/Psychometrics

"The process of research design and management has been complemented with the application of scientific technology and practical training courses. A Multidimensional Computerised In-

formation System". This benchmark training programme in the South African context and STATOMET's research capability generated the appointment of STATOMET by CESD- Communautaire (the implementing agency for Eurostat, the Statistical Office of the European Communities), to undertake the research project "South Africa Training Needs Study" during 1995. This project spearheads and identifies training needs in statistics in South Africa, and will be followed by short and medium term training programmes and the allocation of international funding.

"Various projects of national interest have been undertaken by STATOMET this year. One of them is the AHI Inflation Barometer which has been compiled over

the escalation formula indices used in civil engineering contracts. The project was done for an international consortium of contractors involved in the Lesotho Highlands Water Venture.

STATOMET was commissioned by the Natal Sharks Board to analyse test results of an electronic shark repellent which can be worn by divers or swimmers. Preliminary statistical analyses identified estimated probabilities of shark attacks if the device is in an on or off mode.

"Members of STATOMET also participated on behalf of clients in wage arbitration and in a court case involving a murder. The wage dispute between a transport company and a labour union

was successfully arbitrated with statistical economic deliberations in the favour of the client. During the hearing of the court case involving a murder, evidence was given on the probability of matches between hair found on the murder scene and the hair of the suspect. STATOMET's input was important in formulating the outcome of the case," says Mr Herbst.

A study was undertaken by STATOMET for SATOUR to validate the methodology used to classify tourism accommodation in South Africa in terms of service. The instrument was refined as a practical and a valid departure point for service quality management in the tourism industry.

STATOMET was furthermore appointed by the Pretoria City Council's Department of City Planning and Development to conduct a pre-investment investigation into the revitalisation of Esselen Street in Sunnyside. Critical socio-economic trends were identified for future management.

"During 1995 STATOMET proposed the



Mr Deon Herbst, Director: STATOMET

compilation of a master business plan for the development of the Tswaing Crater Museum north of Pretoria. STATOMET was appointed to prepare a document providing an estimated capital budget and operating income budget of the various components of the overall plan. From a

salt-producing area and an experimental farm, Tswaing has developed into the first enviro museum in South Africa. It also seems likely to become the first truly African model of a museum - a fascinating RDP project with the fundamental approach of community involvement in every stage of decision-making. It is anticipated that the project will create 570 new jobs which will empower over 3 500 people and generate in excess of R3 million per annum for the region," explains Mr Herbst.

A growing demand is evident in the number of internal consultations STATOMET conducted over the year. During 1994, a total of 284 post graduate students received statistical support by STATOMET's members. External research projects for clients in the private and public sectors during 1994 totalled 72.

"The above activities of STATOMET indicate that the strategic objectives and mission of the Bureau are fully utilised for the benefit of research, science, business and society within the South African context," says Mr Herbst.

STATOMET

Bureau for Statistical and Survey Methodology
Buro vir Statistiese en Opnamemetodologie

*Scientific Design and Management of Research
Wetenskaplike ontwerp en bestuur van navorsing*

University of Pretoria,
Pretoria, 0002
Tel: (012) 420 3645/6
E-Mail/E-Pos: STATOMET @EBS.UP.AC.ZA

Universiteit van Pretoria,
Pretoria, 0002
Fax/Faks: (012) 342 3260
Cell/Sel: 0824533073

'n Oud-Tukkie, jonk en dinamies, is tot nasionale president van een van die bekendste Afrikaanssprekende instellings vir vroue, Jong Dames Dinamiek (JDD), verkies. Sover bekend, is sy die jongste president wat die instelling nog opgelewer het.

Sy is die 27-jarige Pamela Smith (neé Shaw), 'n bondeltjie vol lewenslus en energie. Haar kort loopbaan en leeftyd getuig van 'n persoon wat ver bo die gemiddelde van haar portuurgroep uit-

Sy behaal die graad BCom(Ed) met Ekonomie, Rekeningkunde en Pedagogiek aan die Universiteit van Pretoria in 1988 en is ook gedurende hierdie tydperk onderprimaria van Klaradyn. Sy ontvang in 1987 en 1988 dienserkenings van die UP Studenteraad vir volgehoue leierskap aan die studentegemeenskap.

Na 'n draai in die privaatsektor, besluit sy om in Januarie 1992 'n beroepskuif te maak en as onderwyseres aan

gestyg het - juis omdat sy een van daardie mense is wat bereid is om die spreekwoordelike ekstra myl te loop om haar doelwitte te verwesenlik.

Hoërskool Jan Viljoen, haar alma mater, in Randfontein handelsvakke te doseer. Sy verlaat egter die onderwys in Desember 1995 om voltydse sakevrou te wees.

dinamiese oud-Tukkie maak haar merk

Belowende studente ontvang leerondersteuning

'n Unieke leerondersteuningsprogram vir BCom(Finansiële Rekeningkunde) - studente sal vanaf 1996 by die Departement Rekeningkunde infaseer word.

Dié program, wat deur 'n bestuurskomitee ontwikkel word, het ten doel om intensiewe leerondersteuning aan belowende studente te verskaf.

Studente wat hul eerste jaar suksesvol voltooi het,

sal aansoek kan doen om vanaf hul tweede jaar tot op Honneursvlak aan dié leerondersteuningsprogram deel te neem. Studente wat aansoek doen moet hardwerkend en toegewyd wees aan hul studies, asook positief en suksesgeoriënteerd wees.

Deelname is vrywillig, hoewel studente gekeur sal word aangesien studentetgetalle streng beperk word.

Benewens leerondersteuning in die vier hoofvakke van die studierigting, naamlik Finansiële Rekeningkunde, Ouditkunde, Belasting en Bestuursreke-

ningkunde, sal hulp in kommunikasievaardighede, leerprosesse, probleemoplossingsvaardighede en eksamentegnieke ook aangebied word.

Daar sal veral klem gelê word op persoonlike aandag, en studiegroepe sal beperk word tot ongeveer vyf studente. "Studente sal die geleentheid gegun word om hulself ten volle te ontwikkel en die program behoort hulle ook in staat te stel om hulle studies met sukses te voltooi," sê prof Carolina Koornhof, professor in Finansiële Rekeningkunde by die Departement Rekeningkunde en koördineerder van die projek.

Sy en haar gesin het 'n kleinhandelszaak geopen wat nou aansluit by die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram.

En waarvoor wil sy haarself as president in die "warm stoel" gedurende die volgende twee jaar beywer? "Ek is daarvan bewus dat 'n nasionale president 'n rolmodel vir baie vroue is. Ek wil as rolmodel iets word wees vir die samelewing, vroue aktiveer, hul motiveer en JDD se leuse - jonk, deugsam en dinamies - ten volle uitleef," verduidelik sy opgewonde terwyl haar hande ewe hard saamgesels.

Dit is ook vir my belangrik dat JDD én die vrou baie meer ingelig moet wees rakende politieke kwessies, die Suid-Afrikaanse grondwet, onderhandeling en regsaspekte - alhoewel ons steeds as 'n a-politiese organisasie figureer."

Internasionale Vrouekongres

Pamela het onlangs teruggekeer van die vierde Internasionale Vrouekongres,



Pamela Smith, die jongste president wat Jong Dames Dinamiek nóg opgelewer het.

"Deugsam en Dinamies"

JDD se leuse

gehuisves deur die Verenigde Nasies (VN) in Beijing.

Sowat 140 nie-regeringsorganisasies in Suid-Afrika het die kongres bygewoon. Wat haar bywoning uniek maak, is die feit dat slegs drie Afrikaanssprekende organisasies deel van die Suid-Afrikaanse afvaardiging uitgemaak het. Sy het JDD, Kontak en die Nasionale Raad vir Sakevroueforums in Suid-Afrika by die kongres verteenwoordig. "Die feit dat ek ook vir Kontak (wat akkreditering by die VN het) verteenwoordig het, het my in staat gestel om as 'n geakkrediteerde waamemer in te sit op die VN se halfeusitting," sê sy.

"Die vrou van vandag huldig 'n visie van selfvertroue - waar sy uitreik na ontwikkeling, vooruitgang en 'n soeke na kennis. Veral die huidige politieke situasie in die land bepaal meer as ooit tevore mense se leefwyse en toekoms. Hierdie situasie noop vroue om meer polities ingelig te wees. Daar word ook 'n groter bereidwilligheid onder vroue bespeur om hul standpunte te stel," sê sy.

Hoe hanteer sy as besige vrou en rolmodel al die druk? "Ek glo onwrikbaar in die krag van gebed, intuïsie en inspirasie. Ek beplan deeglik, neem gewoonlik berekenende besluite, gee nooit moed op nie

en is ontsettend doelgerig. Ek het 'n hoë dryfveer en 'n fyn ingesteldheid teenoor situasies en mense.

Hierdie beknopte voëlvlug oor die lewe van dié oud-Tukkie en JDD-president is 'n klinkklare bewys dat haar karakter en talent die kernwese van JDD weerspieël - jonk, dinamies en deugsam.



Prof JE Holloway
1920 - 1925



Prof EH Brooks
1926



Prof EHD Arndt
1927 - 1936



Prof EFW Gey van Pittius
1936 - 1951

Bestuurswetenskappe van die Universiteit van Pretoria, wat vanjaar sy 75ste verjaardag op luisterryke wyse gevier het.

'n Mens kan uiteraard by verskeie momente, gebeure, persoonlikhede, hoogtepunte, koersaanpassings, mylpale en ander uitstaande padtekens stilstaan en daaroor skryf en nadink. Ek gaan egter slegs 'n paar hoogtepunte uitlig.

Fakulteit klink 'n glasie op 75 jaar

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het vanjaar sy 75ste verjaardag op luisterryke wyse gevier. *Communiqué* het vir prof Sieg Marx, uittredende Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en een van die personele wat die langste verbintenis met hierdie Fakulteit het, gevra om vir hierdie herdenkingsuitgawe die hoogtepunte oor die afgelope 75 jaar saam te vat.

Ek doen dit graag," het hy geantwoord, "want 'n era het in meer as een opsig in die Fakulteit tot 'n einde gekom. Ek verlaat na sowat 40 jaar die Fakulteit om vise-rektor te word en 'n mens dink nou onwillekeurig terug aan die goeie tye wat jy by die Fakulteit beleef het."

"Die herdenking van 'n 75ste lewensjaar is 'n besondere mylpale in die lewensloop van enige individu. Dieselfde geld vir die Fakulteit Ekonomiese en

Met 'n herdenkingsjaar dink 'n mens telkens terug aan die grondleggers, mentors en leermeesters van 'n fakulteit. Plek-plek word daar ook met heimwee kennis geneem van uitnemende vakwetenskaplikes wat nie meer met ons is nie. Foto's, leesstof en selfs "stories" oor voortreflike baanbrekers, presteerders, departementshoofde, professore, kollegas en oudstudente het 'n mens se hart opnuut laat warm klop oor hierdie Fakulteit en sy mense.

Die ere- en buitengewone professore wat aan die Fakulteit verbonde was en is, lewer 'n spesiale bydrae tot die sukses van hierdie Fakulteit. Ek kan nie anders as om een persoon hier uit te sonder nie. Hy is dr Anton Rupert wat vir 22 jaar - van 1964 tot 1985 ereprofessor in die Fakulteit was. Gedurende hierdie tydperk het hy onder andere 14 lesings gegee oor aktuele sake soos leierskap,

ontwikkelingshulp, natuurlewebestuur, inflasie, bewaring, kleinsake en die nuwe entrepreneur. Hierdie lesings, maar ook sy ander betrokkenheid, was uitstaande hoogtepunte op die akademiese kalender van die Fakulteit en die Universiteit. Dr Rupert se eiesoortige, dinamiese voordragte en oorspronklike, skeppende maar tog realistiese denke en toekomsvisie het vandag nog 'n beslissende en rigtinggewende invloed op die lewensloop van die Fakulteit.

Voorts getuig gebeurtenisse soos nuwe departemente wat tot stand gekom het, naamsveranderinge van departemente, buro's, institute en skole wat ingestel is, nuwe studierigtings, besondere navorsingsprojekte asook ons eie gebou, van uitnemende groei in kwantiteit, kwaliteit en verskeidenheid.

In gesprekke met kollegas, oudkollegas en oudstudente, veral in die jongste tyd, het die uitdrukking "onthou jy nog", in een of ander verband dikwels na vore gekom. Dit het ons op die gedagte van 'n soort "onthou-jy-nog-argief" of gedenkplek gebring. 'n Plek waar foto's, briewe, dokumente, verslae, plakkate, brosjures en enigiets anders wat deel van die geskiedenis van die Fakulteit is, gehou en bewaar kan word vir die toekoms.

Die tradisies, kultuur, waardestelsels en selfs rituele van die Fakulteit moet nog aangeteken en vir die nageslagte bewaar word.

As eerste stap in hierdie rigting - wat ook deel van ons 75ste herdenkingsjaar uitmaak - word 'n gedenkbundel, wat werklik poog om grepe uit die hart van die Fakulteit se verlede in woord en beeld vas te lê, tans saamgestel. Interessant is dat wat in die Fakulteit se besit is en deel van

so 'n argief sal uitmaak, is:

- 'n Getikte manuskrip: "Inleiding tot die Bedryfsekonomie" van Râdel en Reynders.
- Die eerste brosjure wat die opleiding in Bemakingsbestuur 25 jaar gelede aan Tukkies bekendstel.
- Die rusbank en boekrak wat in die dekaanskantoor by die buitemuurse gebou gebruik is en waarby menige student behoorlik gesweet het, veral tydens mondelinge eksamens. Dit staan nou in die teekamer van die dekaanskompleks van ons gebou.

Ek sluit aan by wat dr Rupert, ons kanselier, op 'n keer oor geskiedenis gesê het: "Sonder hierdie erfenis wat ons aan die verlede anker, bestaan daar geen norm vir die waardebeoordeling wat elke geslag voortbring nie ... Ons moet bewaar omdat 'n volk, en ek voeg by, 'n Fakulteit, sonder geskiedenis soos 'n man sonder geheue is."

Nuusbrokkies uit die Fakulteit

Die eerste beskikbare notule van 'n vergadering van hierdie Fakulteit is gedateer 3 Junie 1920 met prof JE Holloway as "chairman". Hy word dan ook die eerste dekaan van hierdie Fakulteit. Prof WA MacFayden het reeds in 1912 die eerste lesings in Ekonomie vir twee bankklerke aangebied. Hulle het by hom aangeklop omdat hulle raadop met hierdie deel van hulle bankeksamen was.

Die getal studente het sedertdien besonder vinnig gegroei. In 1920 was daar sowat 32 studente terwyl daar vandag ongeveer 6 000 aan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe studeer. Dit verteenwoordig 'n gemiddelde jaarlikse groei van ongeveer 7,5%.



Prof EM Hamman
1951 - 1959



Prof B de Loor
1960 - 1962



Prof HJJ Reynders
1962 - 1973



Prof CF Niewoudt
1973 - 1985



Prof JJ Stadler
1986 - 1991

Selfs die personeelkorps het vinnig gegroei. 'n Klompie besonder toegewyde professore (dit lyk of daar ses was - Macfayden, Holloway, Brookes, Barnes, Arndt en Norval) het die eerste fundamente van hierdie Fakulteit deeglik gelê. Vandag is daar ongeveer 120 heeltydse doserende personeel by die Fakulteit.

Selfs die studierigtings by die Fakulteit het sedert 1980 vinnig meer geword. Gedurende 1970 is daar net vyf spesialiseringstogtings (Ekonomiese Wetenskappe, Bemarkingsbestuur, Rekeningwetenskappe, Ekonomie-trie en Publieke Admini-



Prof S Marx
1991 - 1995

strasie) aangebied, terwyl daar in 1995 reeds 19 BCom- en twee BAdmin-spesialiseringstogtings is.

'n Toekomsblik

Saam met die nuwe Suid-Afrika staan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die drumpel van groot veranderinge wat groot uitdagings en geleenthede bied. Ons wil toekomstige gebeure by hierdie Fakulteit in 'n bepaalde rigting stuur.

Een van ons doelwitte is juis om in die toekoms baie nader aan ons oudstudente te leef en te werk. Figuurlik gesproke, wil ons hê hulle moet huis toe kom want ons gaan hulle kundigheid, vaardighede en vermoëns nodig hê om, soos die afgelope 75 jaar, baanbrekerswerk te doen, hoogtepunte te bereik en uitnemende presteerders te lewer.

Oor die toekoms sal ons skeppend en groot moet dink en doen. Hierin lê die groot uitdaging maar ook die groot geleentheid."

Met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se 75ste verjaardag, het heelwat feesgeleenthede plaasgevind.

'n Informele verjaardagparty en formele dinee is aangebied en 'n spesiale embleem is ontwerp en op feesmemorabilia aangebied.

Naas die informele aktiwiteite is drie internasionale konferensies aangebied, naamlik die "Marketing Educators Conference", "Project Link" en die "International Conference on Management in Africa".

Bemarkingsbestuursopleiding aan Tukkies, waarin prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit instrumenteel was, het ook vanjaar sy 25ste bestaansjaar gevier.

Departemente binne die Fakulteit het hul eie feesprogramme rondom dié belangrike jaar aangebied

'n Gedenkbundel wat die gees van die afgelope 75 jaar in foto's, staaltjies en herinneringe aan die jare wat verby is weerspieël, sal binnekort die lig sien. Met die samestelling van dié bundel is ons egter van oudstudente se bydraes afhanklik.

Oudstudente kan bydraes aan Estelle de Beer, Hoof: Skakelafdeling van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002 stuur, of skakel haar by tel. (012) 420-3328.

Skilderye: Dekane van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vanaf 1920 tot 1995.

“Tukkies se kursuss was nog altyd gewild en het baie studente gelok, maar die ongekende belangstelling in die nuwe Magistergraad in Publieke Administrasie (MPA), het alle verwagtinge oortref.” Aan die woord is prof Petrus Brynard, professor in Publieke Administrasie by die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie (SOBA).

SOBA het hierdie gedoseerde Magisterkursus in 1987 afgeskaf, maar dit is twee jaar gelede heringestel nadat verskeie navrae daarvoor ontvang is. Navrae is onder meer van uitgewekenes wat na Suid-Afrika terugkeer en in die staatsdiens opgeneem is, ontvang.

“Toe hierdie kursus twee jaar gelede weer ingestel was, het ons slegs 50 studente toegelaat. Die belangstelling was egter so groot dat daar ’n afsnypunt bepaal moes word,” sê prof Brynard. “Vanjaar het ons 58 studente van regoor die land toegelaat.”

Daar is twee jaar gelede soveel aansoeke uit die Mpumalanga Provinsie ontvang dat besluit is om die kursus ook in Nelspruit aan te bied. Die 42 studente wat vanjaar die kursus daar volg, sluit heelwat senior amptenare in die Mpumalanga Provinsiale Regering in.

“Amptenare besef dat hulle hul kwalifikasies moet verbeter om in die arbeidsveld vir skaars poste te kan meeding. ’n Verdere rede waarom die belangstelling in hierdie kursus so groot is, is moontlik die feit dat die Universiteit van Pretoria al vir baie jare opleiding aan staatsamptenare verskaf en vandag aan die voorpunt daarvan staan,” sê prof Brynard.

MPA

lok groot belangstelling

Studente wat die MPA-kursus volg, is nie noodwendig studente met ’n BAdmin (Hons)-graad nie. Hierdie kursus is hoofsaaklik ontwikkel om aan persone wat ’n Baccalaureusgraad het, maar nie noodwendig in die vakgebied van openbare bestuur gespesialiseer het nie, opleiding te verskaf. Studente moet egter bewese bestuurservaring hê om tot hierdie kursus toegelaat te word.

“Die klasse, wat in Engels aangebied word, is baie interessant aangesien dit aan almal die geleentheid bied om iets omtrent die teorie sowel as die praktyk te leer. Groepwerk word in die klasse gedoen en die leeromgewing is van so aard dat daar heelwat besprekings plaasvind - ’n benadering wat baie goed werk en die studente baie entoesiasies oor die kursus maak,” sê prof Brynard.

Die kursus bestaan uit agt vakke wat oor twee jaar strek en in agt blokweke aangebied word. Die vier vakke wat in die eerste jaar gevolg word, is kernvakke terwyl die ander vier, wat in die tweede jaar gevolg word, keusevakke is. Benewens hierdie agt vakke moet daar ook ’n bondige navorsingsverslag ingedien word.

Verskeie nuwe personeel het vanjaar deel van die Fakulteit se wenspan geword. Kommuniké fokus op 'n paar van diegene wat by ons aangesluit het.

Hy is mede-outeur van drie vakkundige boeke en het ook al 'n aantal internasionale referate gelewer. Hy beskou die twee hoogtepunte in sy loopbaan as die studieverlof na die VSA waar hy gedurende 1980 aan die Universiteit van Georgia klas gegee en navorsing gedoen het, asook 'n referaat oor kleinsakeontwikkeling wat hy in Israel gelewer het in Desember 1981. As eerste president van die SA Instituut vir Bestuurswetenskaplikes was die toekenning van erelidmaatskap van die Instituut 'n verdere hoogtepunt.

neursvlak en is hy ook besig met die ontwikkeling van 'n kursus in Internasionale Sakebestuur wat in 1996 op Honneursvlak ingestel word.

"Dit is 'n opwindende tyd om deel te wees van hierdie soort opleiding en navorsing oor die internasionale sakeomgewing. Daar word ook reeds op navorsingsgebied gevorder met die ontwikkeling van nuwe bestuursbenaderings wat spesifiek aangepas is vir Suid-Afrikaanse omstandighede," sê hy.

Welkom aan

Prof Ernst Neuland

'n Voormalige Hoof van die Departement Bedryfs- ekonomie by Unisa en later Viserektor: Akademies by Vista, prof Ernst Neuland, is in Januarie vanjaar as professor in die Departement Ondernemingsbestuur aangestel.

Prof Neuland het sy loopbaan as natuurwetenskaplike begin nadat hy 'n BSc, BSc (Honneurs) en later 'n MSc-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het. Hy het later 'n MBA-graad by die Universiteit van Potchefstroom voltooi en het so in die bestuursveld begin belangstel dat hy ook sy Doktorsgraad in Finansiële Bestuur voltooi het.



Prof Ernst Neuland

Prof Neuland is nou by die AHI se werksaamhede betrokke, veral op die gebied van internasionale skakeling - 'n veld waarin hy besonder belangstel. By die Universiteit is hy tans verantwoordelik vir die vakke Strategiese Bestuur op derdejaarsvlak, vir Beleggingsbestuur op Hon-

Prof Carolina Koornhof

Prof Carolina Koornhof, 'n oud-Tukkies, is die eerste vrou wat as professor in die Departement Rekeningkunde aangestel is. "Dit is vir my 'n voorreg om by my alma mater, waar my loopbaan begin het, terug te wees. Die sirkel is nou voltooi," sê prof Koornhof.

"My lang verbintenis met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het begin toe ek gedurende skoolvakansies hier gewerk het. Ek het ook later as navorsingsassistent by die Departement Rekeningkunde gewerk terwyl ek my studies voltooi het." Haar pa, prof Aad Zevenbergen, was vanaf 1967 tot 1991 Direkteur van die Buro vir Finansiële Analise by die Nagraadse Bestuurskool.

Haar akademiese loopbaan by Tukkies het begin toe sy haar BCom(Rekeningkunde), BCom(Hons) en STR verwerf het. Sy het haarself as



Prof Carolina Koornhof

die nuwelinge

geoktrooieerde rekenmeester bekwaam en haar klerkskap by KPMG (toe nog Aiken & Carter) voltooi, waar sy later as groep-ouditbestuurder aangestel is.

Prof Koornhof het haar MCom(Rekeningkunde) met lof aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf. Haar navorsing het as verskeie artikels in geakkrediteerde en ander joernale verskyn en sy was ook by verskeie navorsingsprojekte betrokke. Sy is die medeskrywer van 'n boek getiteld "Fundamental Accounting/ Fundamentele Rekeningkunde" en is tans as mede-outeur betrokke by die nuutste uitgawe van 'n handboek "Beskrywende Rekeningkunde".

Prof Koornhof sien veral uit na die geleentheid om aan die Departement Rekeningkunde se navorsingsprogram deel te neem. Onderrig lê haar ook na aan die hart en sy is tans besig om 'n

leerondersteuningsprogram in die Departement Rekeningkunde te ontwikkel.

Dr Giel Niemann

"My akademiese belangstellingsveld sluit hoofsaaklik ontwikkeling in swart gebiede in, veral ten opsigte van die swart informele mikro-onderneming," vertel dr Giel Niemann, wat vanjaar as dosent by die Departement Ondernemingsbestuur se akademiese span aangesluit het. "Maar," voeg hy geesdriftig by, "ek moes miskien eerder sportbestuur studeer het." Gou word dit duidelik wat hierdie vryskut-rubrieksrywer en rugbyentoesias presies bedoel toe hy oor sy stokperdjie, naam-

lik rugby en sportgeskiedenis begin gesels.

Benewens gereelde artikels wat hy vir rugbytydskrifte skryf, het hy ook al 'n boek getiteld "The Carolin Papers: A diary of the 1906/7 Springbok Tour" oor dié onderwerp die lig laat sien.



Dr Giel Niemann

Dr Giel Niemann is 'n oud-Tukkie wat as deeltydse student in BCom(Rekeningkunde) studeer het en later sy MBA en Doktorsgraad in Ondernemingsbestuur behaal het. Hy is vir baie jare reeds by opleiding betrokke, veral ten opsigte van die ontwikkeling van entrepreneurskapsvaardighede by persone in die informele sektor.

Hy is tans betrokke by die entrepreneurskapsprojekte van swart werklose groepe by die Witbank-kampus wat strek van 'n hoenderboerdery en naald-werkbedryf tot 'n toilet-piervervaardigingsbedryf. "Entrepreneurs gaan hier opleiding ten opsigte van bestuursvaardighede ontvang," sê dr Niemann. "Ek raak dikwels so betrokke by 'n projek dat ek benewens opleiding nie kan help om ook 'n infrastruktuur en fondse vir die projek te probeer genereer nie."

Die opleiding wat dr Niemann gee strek verder as bloot onderrig. Hy gee nie net aan 'n persoon 'n vis nie, maar leer hom eerder hoe om vis te vang.

1nformatika spog met 'n Informatorium

Die Departement Informatika het 'n bedrywige jaar agter die rug waarin heelwat projekte aangepak en met sukses deurgevoer is. Een daarvan is die inrigting van 'n splinternuwe rekenaarsentrum in die Opvoedkunde- en Regsgeleerdheidsgebou, wat as die Informatorium bekend staan. Ander hoogtepunte was 'n internasionale konferensie en 'n kreatiwiteitsdag wat vir eerstejaars aangebied is.

Informatorium

Die Informatorium het in Februarie vanjaar sy deure vir Informatika- en Rekenaarwetenskapstudente geopen. Die fasiliteit, wat uit vier laboratoriums bestaan, kan 200 studente akkommodeer terwyl hulle praktiese lesings ontvang. 'n Vyfde laboratorium word ook tans vir nagraadse doeleindes ingerig.



Mnr Otto Pretorius en mev Madelise Grobler was vir 'n kreatiwiteitsdag vir eerstejaars in die Departement Informatika verantwoordelik.

Studente ontvang hier opleiding in 'n verskeidenheid rekenaarprogramme soos WordPerfect, Lotus, D-Base asook Gevorderde Lotus en het toegang tot die Internet met sy skatkis van inligting.

Internasionale Konferensie

'n Internasionale Konferensie met die tema "Learning Technology" is vanjaar in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektriese Ingenieurs en die Geassosieerde Wetenskaplike en Tegniese Vereniging aangebied.

Wat hierdie byeenkoms uniek gemaak het, was die feit dat dit hoofsaaklik die vorm van 'n videokonferensie

aangeneem het. Daar is deur middel van 'n satellietverbinding met persone in Port Elizabeth, Kaapstad en selfs Holland gekommunikeer.

"Die doel van die forum was hoofsaaklik om die gebruik van tegnologie as 'n hulpmiddel in onderrig in Suid-Afrika te bespreek. Verder is onderwysers ook touwys gemaak oor die opleiding van leerlinge in tegnologiese vaardighede," sê prof Dewald Roodé, Departementshoof van die Departement Informatika. "Besprekings tydens die konferensie het daarop gedui dat tegnologie 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse samelewing kan speel, veral ten opsigte van onderrig in ontwikkelende gemeenskappe," verduidelik hy.

Kreatiwiteitsdag vir eerstejaars

'n Kreatiwiteitsdag vir eerstejaars van die Departement Informatika het vroeër vanjaar vir heelwat pret en plesier gesorg toe studente geleer is om nuut oor dinge te dink. "Die belangrikste van kreatiwiteit is dat mense dit moet ervaar," sê Madelise Grobler, dosent by die Departement en koördineerder van voorgraadse aktiwiteite.

Vir die Departement Informatika is kreatiwiteit, stimulering en die ontwikkeling van studente belangrik. "As dit die universiteit se taak is om entrepreneurs op te lei, is dit ook nodig om mense op te lei om kansen te waag," sê Otto Pretorius, dosent en aanbieder van die dag se verrigtinge. "Spontaneïteit word aangemoedig en ek sê altyd vir die studente om eers hulle idees op die tafel te sit en dan te wonder wat hulle daarmee kan doen."

Hy voeg by dat daar in die toekoms toenemend na universiteitstudente gekyk sal word om met nuwe idees en oplossings vir probleme vorendag te kom. "As



Die junior dosente van die Departement Informatika en prof Dewald Roodé, Departementshoof (heel regs), bied gereeld lesings by die nuwe Informatorium op die kampus aan.

ons die universiteit wil posisioneer as 'n plek waar entrepreneurs opgelei word, sal ons beslis aandag moet gee aan die ontwikkeling van kreatiewe vaardighede by studente," sê Otto.

'n Beginpunt is nou gemaak met die aanbieding van die kreatiwiteitsdag vir Informatika 170-studente en die idee is om dit van hier af verder uit te bou na die ander Informatikakursusse, ten einde werklik op 'n deursnede basis kreatiewe vaardighede by alle studente te ontwikkel.

Die rekenaarbedryf groei by die dag. Steeds meer persone word benodig om rekenariserings-aktiwiteite in ondernemings te ontwikkel en te bestuur, en ondersteuning aan gebruikers van stelsels te verleen.

Die studierigting BCom(Informatika) berei 'n persoon voor vir 'n beroep in 'n dinamiese omgewing waar tegnologie, die mens en die onderneming mekaar ontmoet. Dit is ideaal vir iemand wat daarvan hou om met mense en rekenaars te werk.





Strategiese resep plaas Tukkierugby op die wenspoor

Die Wêreldbekerrugby is agter die rug en Suid-Afrika het as trotse kampioene uit die stryd getree - maar die rugbykoors wat die land vanjaar beetgepak het, is nog lank nie verby nie. Rugby word op alle vlakke - provinsiaal, klub- en selfs skoolvlak - met groter entoesiasme en ywer as ooit gespeel want internasionale rugby het gekom om te bly, en dit is steeds elke rugbyspeler se droom om vir sy land te speel.

Nog 'n rugbyspan wat egter oor die afgelope paar jaar die aandag op hom gevestig gehad het, maar om 'n heel ander rede, is die UP-rugbyklub. Na vroeëre prestasies het die swakkerwordende resultate van al die spanne van die UP-rugbyklub oor die afgelope paar jaar groot kommer by rugbygeesdriftiges sowel as -spelers gewek. Daar is toe besluit om die spreekwoordelike bul by die horings te pak en iets omtrent die saak te doen.

Voordat die spanne egter harder kon werk, moes hulle slimmer te werk gaan en

'n strategie bepaal om Tukkierugby weer op die wenpad te plaas. Hulle het die hulp van proff Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Daan Gouws van die Departement Rekeningkunde ingeroep om 'n strategiese plan vir die rugbyklub saam te stel en as fasiliteerders van die proses op te tree.

Nadat die knelpunte deur alle betrokke partye geïdentifiseer is en moontlike regstellings oorweeg is, het proff Marx en Gouws voorgestel dat die bestuur van Tukkierugby tydelik herorganiseer moet word in 'n projekspan. Kundige persone wat die bestuur van Tukkierugby kon behartig, is geïdentifiseer en by die span, waarvan dr Billy Cronje as voorsitter aangewys is, betrek. Dit was vroeg reeds duidelik dat met hierdie nuwe span rekening gehou sal moet word.

Benewens die projekspan wat aangewys is, is 'n raamwerk vir strate-

giese bestuur van Tukkierugby ook ontwikkel, 'n sakeplan is opgestel en 'n markaanbod vir die finansiering van Tukkierugby is saamgestel. 'n Nuwe organisasiestruktuur is ontwerp en 'n nuwe grondwet is geskryf om praktiese gestalte aan voorgaande te gee.

Volgens prof Daan Gouws spoor bestuursoefeninge soos hierdie 'n mens aan om kreatief oor rugby te dink en met duidelike doelwitte vir 'n klub vorendag te kom. Die besigheidsplan behels aksiestappe wat rondom die temas strategiese bestuur, finansiële bestuur asook bemarkings- en fasiliteitebestuur ontwerp word om die planne te laat realiseer.

Die oorkoepelende doelwit van Tukkierugby is om dit in die toekoms 'n wenklub met Volgehoue en Unieke Mededingende Aksievoordele (VUMA) te maak. Dat hierdie resepe daarin geslaag

het om nuwe woema in Tukkierugby te sit, is duidelik wanneer 'n mens na die afge-lope jaar se prestasies kyk.

"Dit is vir ons as Fakulteit belangrik om meer by studente-aangeleenthede betrokke te raak. Hierdie was 'n gulde geleentheid om die kundigheid binne die Fakulteit vir veral rugby as 'n beeldbouer van die Universiteit aan te wend," sê prof Marx. "Rugby is immers 'n goeie bemarkingsmedium. Wanneer die spelers goed speel kry die Universiteit geweldig baie mediablootstelling. As hulle egter swak vaar beïnvloed dit dikwels studente se keuse van 'n universiteit," sê hy.

"Die grootste bate wat 'n rugbyklub het is sy spelers. Hulle toewyding, betrokkenheid en lojaliteit het grootliks die opswaai in die rugbyklub teweeggebring. Die afrigters en spanbestuurders se entoesiasme, tyd en opofferings het egter ook

daartoe bygedra. Een van ons doelwitte is om ons spelers se volle potensiaal te ontwikkel en dit vir hulle so aangenaam as moontlik te maak om rugby vir hulle Universiteit te speel," sê dr Cronje.

"'n Rugbyklub moet vandag soos 'n sakeonderneming bedryf word. Die werwing, ontwikkeling en bemarking van rugbyspelers is dan ook in hierdie verband as doelwit vir Tukkierugby gestel," verduidelik prof Marx.

In jou toekomsbeplanning - is jy gereed, kom wat wil?

Jy staan op die punt graad te vang. Daardie relatief sorgvrye studentedae is bykans iets van die verlede. Binnekort gaan jy kennis maak met die harde werklikheid daarbuite. Private praktyk. En wie weet wat nog alles...

Unieke beskerming vir gegradueerde professionele mense.

PPS, wat deur beroepsmense vir beroepsmense gestig is, en ook deur professionele mense bedryf word, maak die toekoms heelwat veiliger. Deur dienste en voordele aan studente te bied wat op die punt staan om 'n professionele loopbaan te begin. Dit sluit in die beste siekte- en ongeskiktheidsvoordele, 'n belastingvrye enkelbedrag by aftrede, groep-termynlewendekking, aftreeskemas, en ProfMed - die mediese hulpskema wat nommerpas is vir beroepsmense.

Sluit nou aan en slaan later meer munt.

Ja, die heel beste nuus is dat jou toekoms nie op die lange baan geskuif hoef te word nie. Sluit aan terwyl jy nog 'n student is:

- ☐ Jou belastingvrye enkelbedrag neem toe hoe gouer jy lid word.
- ☐ Om as student aan te sluit is makliker, en mediese ondersoek word selde vereis.
- ☐ Geniet die beskerming van die vereniging in geval van siekte of ongeskiktheid..uit die staanspoor!



Begin dus reg. Skakel gerus jou plaaslike PPS kantoor, en wees dadelik los voor wat jou toekoms betref.

Hoofkantoor: (011) 486-1088 Johannesburg: (011) 726-6024 Pretoria: (012) 43-2378 Durban: (031) 307-4541
Kaapstad: (021) 419-6049 Port Elizabeth: (041) 34-4070 Bloemfontein: (051) 30-6268



Die 75ste bestaansjaar van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, stel moontlik 'n ander besondere mylpaal ietwat in die skadu. Dit is met trots dat daar vanjaar ook teruggekyk word na 25 jaar van Bemarkingsbestuuropleiding aan die Universiteit van

gelewer het," sê prof Gustav Puth, Departementshoof van die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur.

Die behoefte aan die verhoging in plaaslike bemarkingskundigheid het in die sestigerjare ontstaan as gevolg van toenemende mededinging op plaaslike en internasionale markte. In dié tydperk was daar geen gespesialiseerde opleiding in be-

vooruitstrewende faset van die akademiese program van die Departement Bedryfsekonomie. Hy was ook as mederedakteur by die eerste omvattende handboek oor Bemarkingsbestuur in Afrikaans betrokke.

Alhoewel ander universiteite ook later opleiding in Bemarkingsbestuur ingestel het, bly UP steeds die enigste Universiteit wat grade in Bemarkingsbestuur tot op doktorale vlak toeken.

"Uiteraard het die dinge baie verander sedert die instelling van Bemarkingsbestuur in 1970, en kan met dank-

baarheid gesê word dat daarin geslaag is om tred te hou met veranderinge gedurende hierdie tyd," sê prof Puth.

"Vandag is Bemarkingsbestuuropleiding aan die UP veel meer gerig op die noodwendige vereistes van entrepreneurskap, en word daar besef dat studente nie slegs vir die korporatiewe mark opgelei kan word nie. Daarbenewens word daar vandag veral klem gelê op strategiese bestuur en 'n holistiese bestuursbenadering. Die uitgangspunt is duidelik dat studente in staat moet wees om realistiese doelwitte te kan stel en om operasionele stappe te kan implementeer om daardie doelwitte te kan bereik. Hulle moet egter ook besef dat bemarking nie geïsoleerd van die ander dinamiese bestuursfunksies en -prosesse plaasvind nie, en dat dit holisties en geïntegreerd daarmee saam beplan en bestuur moet word," verduidelik hy.

"Daar bestaan geen twyfel nie dat die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur steeds 'n betekenisvolle bydrae in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en in die Universiteit van Pretoria op pad na die jaar 2000 sal maak," sê prof Puth.

'n Kwarteeu van Bemarkingsbestuuropleiding

Pretoria (UP). 'n Mylpaal wat verder onderstreep is met die vestiging van 'n selfstandige Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur gedurende 1994.


In die bekendstellingsbrochure wat in 1970 oor Bemarkingsbestuur vrygestel is, het die volgende profetiese woorde verskyn: "Die slagspreuk in die bedryfswêreld is deesdae bemarking. Die betreklik vinnige tempo van ekonomiese ontwikkeling in die RSA kan slegs tot sy volle reg kom wanneer die sakewêreld bemarkingsgeoriënteerd is." Na 25 jaar geld die stelling steeds, en is dit trouens vandag selfs meer relevant as destyds. "Juis daarom kan daar met trots gesê word dat die Universiteit van Pretoria sedert die instelling van die Leerstoel in Bemarkingsbestuur 25 jaar gelede, 'n wesentlike bydrae tot die bemarkingsprofessie

in Suid-Afrika nie - ook nie bemarkingsopleiding deur die medium van Afrikaans nie.

Mnr Pierre Viljoen, Besturende Direkteur van Adverto (n reklame-agentskap) en prof Hennie Reynders, destydse Hoof van die Departement Bedryfsekonomie en Dekaan van die Fakulteit, het hierdie behoefte ter harte geneem en 'n motivering vir Bemarkingsbestuuropleiding by die Universiteitsraad ingedien. In 1968 is in beginsel goedkeuring verleen vir Bemarkingsbestuuropleiding, mits voldoende finansiële steun (R150 000) van buite ingesamel kon word. 'n Komitee is benoem wat die nodige fondse binne twee jaar gewerf het.

Die Leerstoel in Bemarkingsbestuur is in 1970 ingestel en in Maart 1973 is geskiedenis gemaak toe die eerste grade in BCom(Bemarkingsbestuur) aan 32 studente toegeken is.

'n Advieskomitee is in die lewe geroep om as skakel tussen UP en die bedryfswêreld te dien. Prof Sieg Marx was die eerste kleër van die Leerstoel in Bemarkingsbestuur. Onder sy bekwame leiding is dié opleiding uitgebou tot 'n dinamiese en




Local government transformation in South Africa

Fanie Cloete

ISBN 0 627 02046 1

South Africans are faced with radical changes, and most are somewhat daunted by the intricacies and their own possible roles in bringing about those changes.

This user-friendly reference work contains adequate and to-the-point information for every party that has an interest in local government.




Serving the public

R C Cameron • A B Stone

A book intended for practitioners, students and laypersons on the implementation of a new public administration system in South Africa.

Informative diagrams and simple language make the contents accessible to all.

ISBN 0 627 02062 3




Performance improvement in the public sector

V G Hilliard

A multipronged holistic approach to performance improvement is advocated in this work. It strives to view the employee in his or her total environment and then to investigate all feasible ways and means for peak performance.

ISBN 0 627 02055 0




Managing tourism services

J A Bennett (editor)

The miracle of peaceful transition has brought the SA nation together in what has been called the laboratory of mankind. They are now ready to share their country's splendour and diversity.

This practical, hands-on guide is aimed at the tourism entrepreneur and manager.

ISBN 0 627 01939 0



Public administration glossary

J J N Cloete

Written for students, civil servants and the public, this glossary contains English and Afrikaans words and terms commonly used with regard to the civil service.

A valuable key to the interpretation of official language.

ISBN 0 627 02089 5

IN PRODUCTION

- **Citizen participation in local government**
Koos Bekker (editor)
- **Public management and administration case-study resource book, Volume I**
Petrus Brynard & Kallie Erasmus (editors)

75

Hartlike gelukwense aan die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe met hierdie besondere mylpaal

J L van Schaik (gestig 1914) is met reg trots op sy vennootskap met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswese en deel met vreugde dié feesjaar. Mag hierdie waardevolle verwantskap in die toekoms net uitgebou en verstewig word.

Dienslewering was altyd en bly nog die uitgewery se hoofdoelstelling en J L van Schaik se strewe is steeds om akademiese behoeftes te identifiseer en te bevredig. Die nuwe Suid-Afrika stel besondere eise aan 'n uitgewer, maar maak ook nuwe deure oop. Dit skep 'n uitdaging wat nuwe, dinamiese strategieë en benaderings verg en met nuwe ywer aangepak moet word.

J L van Schaik Akademies se jongste bydrae bestaan onder meer uit handleidings vir die nuwe staatsdiens. Op hierdie wyse lewer die uitgewery 'n regstreekse bydrae tot die bevordering van die HOP. Gepaard daarmee gaan steun aan geleterdheidsprogramme en kommunikatiewe handboeke.

Die uitgewery is met reg trots op die feit dat hy jare lank reeds in al elf die amptelike tale publiseer; skool- en handboeke in al die Afrikatale is 'n gevestigde fokus in die maatskappy. Standaardhandboeke vorm ook 'n stewige deel van sy fondsls.

Voortdurende aanpassing is deel van J L van Schaik se beeld, en sy ervare uitgewers sorg dat sy slagspreuk van krag bly: *Die uitgewery waarop jy kan reken!*






J L van Schaik Akademies

Arcadiastraat 1064

Hatfield 0083

Tel: (012) 342 2765

Faks: (012) 43 3563



books

Our Faculty staff published a few books in the field of economic and management sciences. *Communiqué* focuses on a few of these.

The Central Government Structure

Since 1983, when the last constitution of the Republic of South Africa was promulgated, dramatic changes have taken place in this country. An interim Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act 200 of 1993), which changed the whole structure and philosophy of central government and administration, was published in 1994. This book is intended to provide the reader with the general principles of the state and

democracy, as well as a theoretical framework for the drafting of constitutions in general. It also gives a detailed analysis of the contents of the existing interim constitution, describing the composition and functions of the main organs of the central government structure.

Author: PS Botes

Public Management and Administration

Case teaching offers exciting and challenging opportunities for discussion-based teaching to lecturers in Public Management and Administration. This teaching strategy encourages students to explore a wide spectrum of real-life situations within the total context of public management and administration.

The case-studies in this book, contributed by lecturers from universities and technikons, are representative of topical South African cases. With this volume of





cases Petrus Brynard and Kallie Erasmus open up a whole spectrum of opportunities to students and lecturers in Public Management and Administration alike.

Authors: P Brynard & K Erasmus

The Public Sector Manager

The aim of the various topics in this work was to provide some explanation of the public manager's most important functions. The introductory chapter was considered important to set the scene of the manager's area of operation. It is imperative to bear in mind that the public sector manager is playing a more important role in policy formulation as well as in identifying community needs that have to be satisfied through the actions of public institutions. In the contemporary state the Government is increasingly required to provide services covering economic, social, environmental and political issues.

Authors: C Thornhill & SX Hanekom



the best in the business

The Constitution and a new Public Administration

The 1993 Constitution lays down the ground rules for South Africa, and makes provision for institutions that will contribute to achieving the general goods and objectives mentioned in the preamble to the Constitution.

The influence of the 1993 Constitution on the three government structures, i.e. the legislative, executive and judicial powers, forms the nucleus of this book.

A more extended edition is currently in preparation and will include recent information with regard to legislation, approaches and viewpoints on the subject.

Authors: Van der Waldt & Helmbold
(Ook in Afrikaans beskikbaar)

94/95 Unit Trust Handbook

The 94/95 Unit Trust Handbook is the first of what will be an annual publication

giving investors and financial intermediaries a comprehensive source of reference to the Unit Trust industry and the full range of funds.

There is currently no single source of reference available which allows an investor to compare the performance of different funds, see what shares each fund is holding, check the charges levied, see differences in switching fees or compare performance against the stock market as a whole.

The book is designed to be a comprehensive (and in time, perhaps an exhaustive) reference to unit trust investment in South Africa.

Editor: H Lamprechts

Farm Management

As is the case with any business, a farming enterprise that is not viable and well managed, will fail to operate profitably in the long term. In a farming enterprise, viability

is directly dependent on sound investment decisions. The best-planned farming enterprise can however, still fail as a result of ill judged financial decisions and, particularly in present circumstances, inadequate human resources management and poor labour relations.

This book, which is primarily directed at farmers and students studying farm management, incorporates guidelines for rational financial and investment decisions and for appropriate management of human resources and labour relations on farms.

Authors: MJ van Reenen, A de K Marais & PS Nel
(Ook in Afrikaans beskikbaar)

omstandighede, is dit nodig dat groot instansies die hand na gemeenskappe in hulle onmiddellike omgewing uitreik. As 'n gemeenskapsgebaseerde instelling, het die Universiteit besef dat hy 'n sosiale verantwoordelikheid het om verworwe kennis en vaardighede tot voordeel van die gemeen-

Fakulteit hoofsaaklik hulp ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling. Deur middel van navorsing, publikasies, voordragte, onderrig en konsultering het die Fakulteit reeds 'n beduidende invloed op die ekonomiese denke en praktyke in hierdie gemeenskappe uitgeoefen.

Gemeenskapsdiens dra by tot groei

skap aan te wend. "Gemeenskapsdienslewering word slegs onderneem op dié terreine waar die Universiteit reeds uitnemendheid in onderrig en navorsing bereik het," het prof Smit by geleentheid gesê.

Om die proses te vergemaklik het die Universiteit 'n gemeenskapsgebaseerde opleiding- en dienssentrum in die Hamanskraalgebied, sowat 50 kilometer van Pretoria, gevestig, waar alle fakulteite direk by gemeenskapsontwikkeling betrokke kan raak. By dié sentrum het die plaaslike gemeenskappe direkte toegang tot die kundigheid van personelede en studente.

Die Universiteit het hoofsaaklik ten doel om daardie menslike hulpbronne te ontwikkel wat 'n entrepreneursrol in welvaartskepping kan vervul. Die verbetering van die lewensgehalte van die gemeenskappe in die Universiteit se onmiddellike omgewing, maar ook in Suidelike-Afrika, word verder nagestreef. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het 'n groot rol te speel in die bereiking van hierdie doelwit en heelwat projekte is reeds in hierdie verband suksesvol aangepak. Uit die aard van sy vakgebied verleen hierdie

Daar is talle ongekwalifiseerde entrepreneurs met natuurlike talent vir sakeondernemings. Die Basiese Besigheids- en Entrepreneurskapprogram wat die Fakulteit aanbied ondersteun entrepreneurs om 'n eie informele onderneming met die oog op finansiële onafhanklikheid op die been te bring.

"Black Management Forum"

Die Skool vir Bestuurswetenskappe binne die Fakulteit, bestaande uit die Na-graadse Bestuurskool en die Departement Ondernemingsbestuur, is sedert Maart vanjaar by die Witbank-kampus besig om bestuursopleiding aan persone uit die swart gemeenskap te verskaf. Hierdie program is in samewerking met die "Black Management Forum" en Cosatu ontwikkel. Die eerste stap in die proses was om die werklike aard en omvang van die behoeftes van die betrokkenes te bepaal. Die betrokkenes is in vier bedryfstakke, naamlik hoenderboerdery, kleremaak, boubedryf en toiletrolvervaardiging groepeer. Met die bepaalde behoefte aan bestuursopleiding, word nou beoog om saam met die "International Labour Office" (ILO) verdere

Gemeenskapsdiens, navorsing en opleiding is drie van die kemelemente van die missiestelling van die Universiteit van Pretoria. Om aan die gemeenskapsdienselement gestalte te gee, het die visekanselier en rektor, prof Flip Smit, 1995 as gemeenskapsontwikkelingsjaar verklaar en fakulteite het met ywer en entoesiasme aan die uitlewing van hierdie tema meedoen.

In 'n land waar 'n groot gedeelte van die samelewing gebuk gaan onder haglike

opleiding vanaf Januarie 1996 te verskaf. Dr Nieman koördineer die aksie vanaf die Departement Ondernemingsbestuur.

Inisiatiewe is reeds deur die "Black Management Forum" geneem om 'n studenteforum op die Tukkie-kampus te vestig, waar daar op die ontsluiting van entrepreneurspotensiaal en bestuurskundigheid gefokus kan word.

Hamanskraal-projek

Een van die aksies waarmee gedurende Maart 1995 begin is, is die beplanning van 'n nuwe woon- en besigheidsgebied te Hamanskraal. Die Nagraadse Bestuurskool was saam met ander departemente soos Stads- en Streeksbeplanning en Landskapsargitektuur by die ontwikkelingsprojek betrokke. Die Bestuurskool sal 'n besigheidsplan vir die gebied opstel en help met die implementering. Soos by alle ander projekte, word die proses in samewerking met die plaaslike gemeenskap en hulle verteenwoordigers deurgevoer.

SRO help met Rekeningkunde

Die Universiteit het die uitdaging aanvaar om onderwysbenadeelde leerlinge wat die potensiaal vir voortgesette onderwys het, te bemagtig. Die behoefte aan aanvullende onderwys is in oorleg met 'n aantal skole bepaal en verskeie uitreikprogramme is ingestel. Werkswinkels word byvoorbeeld in verskeie ekonomiese vakrigtings vir swart onderwysers aangebied om die gehalte van aanbidding in

skole te verbeter en daardeur groter loopbaanmoontlikhede vir leerlinge te skep.

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) was vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar betrokke by die 11 hoërskole in Mamelodi. "Die doel van hierdie gesamentlike projek tussen die SRO en Coopers en Lybrand is om 'n diens aan die gemeenskap te lewer en be-



Die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) bied gereeld opleiding in Rekeningkunde aan onderwysers en leerlinge in swart gebiede aan. Mev M Roodé van die SRO en Kursusleier vir die projek, het onlangs sertifikate aan mnr P Ranoto (Hoërskool Vlakfontein), mnr TJ Makweya (Hoërskool Mamelodi) en mnr DT Kubu (Mamelodi Sentrum vir Beroepsopleiding) oorhandig.

langstelling in die vak rekeningkunde aan te wakker. Ons help onderwysers met onderrigtegnieke en stel standaarde vir onderrig. So leer die onderwysers en leerlinge in agtergeblewe gebiede die SRO ken. Kontak met onderwysers en leerlinge is van die uiterste belang om 'n goeie grondslag vir studente te lê," sê prof Herman de Jager, Direkteur van die Skool vir Rekenmeestersopleiding.

Gemeenskapsdiensprojek vir swart onderwysers

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het die Departement Rekeningkunde 'n weeklange opleidingsessie vir rekeningkundeonderwysers en leerlinge in Pretoria en Witbank gehou.

"Ons het hoofsaaklik op onderrigtegnieke en die probleme wat onderwysers met Rekeningkunde ondervind, gekonsentreer. Verder het ons vir leerlinge van die Noordelike Provinsie, Pretoria, Mpumalanga en Witbank rekeningkundeklasse aangebied. Te oordeel aan die onderwysers en leerlinge se evaluering van die kursus, was dié poging baie suksesvol," sê prof Quintus Vorster, Departementshoof van die Departement Rekeningkunde.

Die drie vennote in die projek was die firma Deloitte & Touche, die National Sorghum Breweries en die Chartered Association of Certified Accountants. "Hierdie is 'n goeie voorbeeld van instansies wat saam hande vat in belang van die HOP," sê prof Vorster.

Sertifikaatprogram in arbeidsverhoudinge

Die sertifikaatprogram in Arbeidsverhoudinge, wat jaarliks deur die Departement Menslike Hulpbronbestuur in Afrikaans aangebied word, is vanjaar vir die eerste keer in Engels aangebied. Die Departement het ook beurse aan drie van die kursusingangers toegeken.

Enige persoon wat in die veld van arbeidsverhoudinge werksaam is kan die kursus volg en geen toelatingsvereistes geld nie. Ongeveer 30 persone het vanjaar die Engelse Sertifikaatprogram gevolg.

Ander programmé wat die Fakulteit aanbied en wat vermelding verdien, is:

- Kortkursusse in kleinsakebestuur, finansiële bestuur in die openbare sektor en bydraes as korporatiewe lid van die "Black Management Forum".
- Deelname aan ekonomiese forums in Pretoria en die Gauteng-gebied, sowel as navorsing oor klein en medium ondernemings, entrepreneurskap en toestande vir ekonomiese groei en ontwikkeling.
- Navorsing oor die invloed van immigrasie op die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.
- Ondersoek na die verryking, uitvoer en gebruik van plaaslike minerale in die metallurgiese en chemiese industrieë.
- Navorsing oor die alternatiewe gebruik van hout en beton as boumateriale.
- Voorkoming van die agteruitgang van natuurlike hulpbronne deur middel van die ondersoek van toepaslike alternatiewe energiebronne.
- Ontwikkeling van kleinskaalse entrepreneurskapprojekte wat op die toerismemark gerig is, insluitend ekotoerisme.
- Onderrig vir onderwysers in die ekonomie.

Bemarking vier 25ste verjaardag

Die Departement Bemarkings- en Kommunikasiebestuur het ter viering van die vakgebied Bemarking se 25ste bestaansjaar by Tukkie's 'n "Marketing Educators Conference" met die tema "Marketing in Southern Africa: Global and Local Issues" aangebied. Die wêreldbekende prof Par-

su Parasuraman van die Universiteit van Miami was die sleutelspreker en het 'n referaat getiteld "Achieving excellence and competitive advantage through quality service" gelewer.

Twee van die Fakulteit se dosente, Willem Cilliers en Berendien Lubbe, het 'n uitnemende prestasie behaal toe hulle referate deur 'n internasionale beoordelingspaneel as wenreferate aangewys is.



Skool vir Rekenmeestersopleiding

Leiers in Rekenmeesters- opleiding en -navorsing

Ons strewe na uitnemendheid!

Skakel ons:
Prof Herman de Jager
 Tel: (012) 420-2701
 Faks: (012) 342-2450



Universiteit van Pretoria

Ink Design Studios, Pta

Kursusse

Verskeie kursusse word deur die Fakulteit aangebied om in die opleidingsbehoefes van die openbare en private sektor te voorsien. 'n Paar van dié kursusse word hier uitgelig.

Opleiding van Staatsrekenmeesters

Die Skool vir Rekenmeestersopleiding (SRO) bied vir 'n geruime tyd reeds pasgemaakte kursusse vir staatsrekenmeesters in Suid-Afrika aan. Die hoofdoel met hierdie nagraadse professionele opleiding is om staatsrekenmeesters se kennis en vaardighede ten opsigte van Finansiële Rekeningkunde en Finansiële Bestuur verder te ontwikkel. Met hierdie kursusse word rekenmeesters aan rekeningkundige praktyke en bestuurstegnieke bekendgestel wat hoofsaaklik in die private sektor gebruik word.

Die SRO het vanjaar ook 'n opleidingsbundel vir senior staatsrekenmeesters die lig laat sien. Onderwerpe wat hierin behandel word, is onder andere Finansiële Rekeningkunde, Interne Ouditering, Bestuursrekeningkunde en Finansiële Bestuur. Die bundel het ten doel om die staatsrekenmeester te help om sy taak meer effektief en doeltreffend uit te voer en om aan aanvaarde rekeningkundige praktyke te voldoen.

Sertifikaatprogram in Belasting en gevorderde sertifikaatprogram in Belasting

Die Departement Rekeningkunde bied vanaf 1996 'n sertifikaatprogram sowel as 'n gevorderde sertifikaatprogram in Belasting aan. Die programme word deurlopend op 'n deelydse grondslag oor een jaar aangebied.

Die sertifikaatprogram bied 'n unieke geleentheid vir persone sonder enige formele belastingopleiding om die beginsels en praktiese werking van belasting te bemeester. Die gevorderde sertifikaatprogram se oogmerk is om persone wat reeds Belasting as deel van 'n graadkursus geslaag het, of die sertifikaatprogram suksesvol voltooi het, verder te bemagtig in die teoretiese fundering en praktiese werking van die Suid-Afrikaanse belastingstelsel.

Die programinhoud dek die vernaamste aspekte van inkomstebelasting, belasting op toegevoegde waarde en boedelbelasting en word deur dosente van die Departement Rekeningkunde en kundiges uit die kantore van die Ontvanger van Inkomste en die Meester van die Hooggeregshof aangebied.

Nagraadse Bestuurskool: Kortkursusse ondergaan 'n klemverskuiwing

"Kortkursusse wat deur die Nagraadse Bestuurskool aangebied word, het 'n dra-

matiese klemverskuiwing ondergaan, aangesien 'n leerdergesentreerde benadering eerder as 'n dosentonderrigbenadering vanaf 1996 gevolg sal word," sê prof Nic Alberts, Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool.

Die kliënt se behoeftes word vooropgestel en daar sal sterk op teikengroepontleding gefokus word met die doel om vas te stel wat hul basiese kundighede en vaardighede is voordat hulle met 'n kursus begin. Waar bepaalde gapings is, is ontwikkelingsprogramme in werking gestel om dit te oorbrug.

Kursusse sal ook in die toekoms 'n hiërargie vorm. Nadat 'n persoon die Bestuursprogram (die eerste toetreeprogram) deurloop het, sal hy/sy die Bestuursontwikkelingsprogram kan volg, waar meer gevorderde en andersoortige aspekte aanspreek sal word. Dit geld ook vir die Senior Bestuursprogram.

Die Nagraadse Bestuurskool beplan om in die nabye toekoms 'n "Executive Programme" aan te bied, met heelwat internasionale blootstelling as een van die kernelemente.



Mens vind dikwels dat studente nie meer besef watter voorreg dit is om aan 'n universiteit te studeer nie.

“Hoe ervaar u vandag se tegnologies gevorderde leeromgewing?”

Die leerproses het oor die afgelope aantal jare grootliks 'n meganiese karakter aangeneem wat heeltemal verskil van dit waaraan ek gewoond was. Dit het egter na my mening veroorsaak dat die leerondervinding, wat 'n aangename, warm ondervinding behoort te wees, toenemend uit die geskrewe woord, woordverwerkers, fotokopieerders, geslotebaan-televisie en bandopnemers bestaan. Ek wonder soms of studente nog kan optel en aftrek!

'n Doyen en baanbreker gee sy indrukke

Dr Hennie Reynders, die langselewende dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en ook langselewende professor in die Bedryfsekonomie, het tydens die Fakulteit se 75ste verjaarsdagdinee op 2 September 'n geleentheidswoord gespreek.

Communiqué het by dié geleentheid met hom gesels en hom gevra hoe vandag se kampuslewe met dié van gister vergelyk.

“Dr Reynders, u was lank aan die Universiteit van Pretoria verbode en het nog sterk bande met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Hoe ervaar u as afgetrede dekaan van die Fakulteit die kampustoneel?”

Ek kyk vanaand met 'n tikkie nostalgie terug na die verlede. Ja, vandag se studente en studentelewe verskil nogal van dié van gister. Wat die student - die sentrale figuur op kampus - betref, is daar baie pluspunte, selfs glanspunte. Die student moet altyd in gedagte hou dat sy gedrag, en selfs sy kleredrag, sy ingesteldheid jeens die gemeenskap wat sy studie subsidieer, moet weerspieël. Sy gedrag dui ook op sy ingesteldheid teenoor gesagstrukture van die universiteit. 'n

“Die dosent speel 'n belangrike rol in die totale vorming van die student. Hoe sien u hierdie onderrigrol?”

Net soos die studente het die dosente ook heelwat pluspunte en glanspunte. Dosente moet toegewyd wees aan die vorming van studente vir hulle beroepslewe en vir die lewe self. Om dit te kan doen het hulle egter vryheid nodig sonder om dissipline in te boet. Te veel reëls en regulasies kan hierdie vryheid aan bande lê en die dosent kniehalter om sy taak na behore uit te voer.

“Die Universiteit moet vandag onder meer ingewikkelde omstandighede as in die verlede bestuur word. Het u as

bestuurswetenskaplike 'n boodskap aan die leiers in hierdie proses?"

Die bestuursomgewing is inderdaad minder stabiel as in die verlede. Die gemeenskap plaas ook groter druk op die universiteit en soek "waarde vir geld". Verder word studente- en dosentegetalle groter, studente stel groter eise en finansiële hulpbronne word minder. 'n Groter mate van deelnemende bestuur kan die las van hoofbestuur verlig.

"Die universiteit moet by sy veranderende taalomgewing aanpas en het naas kursusse in Afrikaans, ook kursusse in Engels begin aanbied. Wat is u kommentaar oor die taalbeleid van Tukkies?"

Die Afrikaanse karakter van Tukkies, waarvan die Afrikaanse taal 'n inherente deel is, lê my na aan die hart. Ek besef dat 'n instelling by sy omgewing moet aanpas om doeltreffende diens te kan lewer, maar ek pleit by die universiteitsowerheid

om waaksaam te bly om die Afrikaanse karakter van ons alma mater nie verlore te laat gaan nie.

Viserektor en oudkollega tree af

Prof CWI Pistorius, Viserektor: Bestuursdienste, tree op 31 Desember 1995 uit diens van die Universiteit. Hy het hierdie pos



vir 11 jaar beklee, maar was ook vroeër vir 'n geruime tyd aan die Fakulteit Ekonomiese Bestuurswetenskappe verbonde. Hy was agtereenvolgens dosent, Hoof van die Departement Rekening- en Ouditkunde, Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool en vanaf 1984 Viserektor: Bestuursdienste van die Universiteit van Pretoria. Die Universiteit en die Fakulteit is baie dank aan prof Pistorius verskuldig vir sy uitnemende bydraes, toewyding en lojaliteit.



'n Lang en trotse verbintenis

Coopers & Lybrand

Geoktrooieerde rekenmeesters en besigheidsadviseurs

Besigheidsoplossings

Pretoria	(012) 322-1211	Bloemfontein	(051) 48-2356
Kaapstad	(021) 946-1870	Durban	(031) 304-4552
Johannesburg	(011) 498-4000	Port Elizabeth	(041) 55-7091

n

agraadse opleiding kry 'n nuwe tuiste




Prof Nic Alberts, Direkteur: Nagraadse Bestuurskool

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sal vanaf Januarie 1997 met 'n splinternuwe nagraadse opleidingsfasiliteit spog. Die eerste sooi vir die gebou is vanjaar op die hoek van Tindall- en Duxburyweg (feitlik langs Oom Gert se Plek) gespit.

"Die verandering in die aard en omvang van nagraadse opleiding by Tukkies het die oprigting van so 'n fasiliteit genoodsaak. Die huidige fasiliteite van onder andere die Nagraadse Bestuurskool voldoen nie meer aan die behoeftes van dosente en studente nie," verduidelik prof Nic Alberts, Direkteur van die Nagraadse Bestuurskool. "Hierdie is nie bloot 'n nuwe gebou op die kampus nie. Dit is 'n fasiliteit waar nagraadse bestuurs- en ander kursusse meer holisties en multidissiplinêr aangebied kan word. Leer sal hier die primêre fokus wees en daar word wegbeweeg van die onderrigbenadering," sê hy.

Die gebou sal as 'n hoëtegnologie-leersentrum ingerig en bedryf word. Elk van die 11 lesinglokale en 36 groepwerklokale sal met video-sowel as rekenaarkoppelpunte toegerus wees en studente sal vanuit die meeste werkslokale op rekenaarnetwerke soos Internet of World Wide Web kan inskakel. "n Student kan dus van sy/haar tafel af die internasionale inligtingsruimte betree en sodoende werklik deel van die 'Global Village' word," sê prof Alberts.



groepwerklokale, toegang tot rekenaarfasiliteite en 'n leeskamer.

'n Kunstenaarsvoorstelling van die nuwe gebou se oostelike aansig.

Die Buro vir Finansiële Analise (BFA) sal ook hier gehuisves word, wat toegang tot die BFA-rekenaarnetwerk, en sodoende inligting oor die effektebeurs, sal vergemaklik.

Die ligging van dié fasiliteit hou heelwat voordele vir dosente en studente in. Die beskikbaarheid en afstande tussen klaslokale veroorsaak tans groot logistieke knelpunte. Met die nuwe gebou sal dosente en studente egter steeds met gemak van die Merensky-biblioteek en waar nodig, van die groter lesingsale op die hoofkampus gebruik kan maak. Oom Gert se Plek sal ook as verversingsfasiliteit by die nuwe gebou geïntegreer word.

Heelwat aspekte moes tydens die beplanning van die gebou in ag geneem word. Om te verseker dat daar aan elkeen van die gebruikers se behoeftes voldoen word, is die dosente sowel as nagraadse studente by die beplanningsproses betrek. Die grootste behoeftes wat uitgespreek was, was dié aan parkering,

Terwyl die grootste lokaal in die nuwe gebou 60 mense sal kan huisves, sal een van twee groot interaksieruimtes dit moontlik maak om multidissiplinêre lesings aan 400 tot 500 mense te bied. Indien meer persone geakkommodeer moet word vir lesings of vir 'n konferensie, kan hulle slegs oor die straat stap en van die betrokke fasiliteite in die Konferensiesentrum gebruik maak.

Ander nagraadse kursusse wat by die nagraadse opleidingsfasiliteit aangebied sal word, is die Skool vir Openbare Bestuur en Administrasie se kursusse, asook dié van Menslike Hulpbronbestuur, Ingenieursbestuur en Tegnologiebestuur. Benewens die kortkursusse van die Nagraadse Bestuurskool sal dié van die Fakulteit Ingenieurswese ook hier aangebied word.

As die bouwerk volgens plan verloop behoort die studente en personeel vanaf Januarie 1997 hul intrek in die nuwe gebou te neem.



siteitsgeakkrediteerde kwalifikasie binne hul bereik.

Dit bied dus die geleentheid aan persone - ook sommige wat nie normaalweg vir tersiêre opleiding kwalifiseer nie - om hulself te bekwaam vir 'n beter toekoms deur middel van universiteitsgeakkrediteerde opleiding.

Sedert 1993 het dié ooreenkoms beslag gekry deur die instelling van 'n

twee jaar en 'n diploma na drie jaar verwerf kan word. In dié verband is daar akademiese diplomas in bankbestuur, finansiële bestuur, hotel- en toerismebestuur, bemarkingsbestuur, kommunikasiebestuur, ondernemingsbestuur, menslike hulpbron bestuur en openbare bestuur. Krediete vir graadstudie word deur studente met matrikulasievystelling verwerf.

Ooreenkoms plaas opleiding binne almal se bereik

Akademies-gefundeerde en beroepsgerigte opleiding is dikwels buite bereik van die man op straat. 'n Samewerkingsooreenkoms tussen die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Nasionale Kolleges plaas egter 'n universiteitsgeakkrediteerde kwalifikasie binne die bereik van persone in die arbeidsmark.

Die groot behoefte aan beroepsgerigte opleiding in die ekonomies aktiewe arbeidsmark het in 1993 gestalte gekry in 'n opleidings-ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en Nasionale Kolleges.

Hierdie samewerkingsooreenkoms het onder andere ten doel om bekostigbare, beroepsgerigte afstandsonderrig aan leergierige persone te bied, en plaas 'n univer-

erseidenheid universiteitsgeakkrediteerde programme in samewerking met die deelnemende onderriginstellings van Nasionale Kolleges, naamlik Sukses, Lyceum en Mentor. Die volgende programme is ontwikkel:

- 'n Akademiese oorbruggingsprogram vir studente met matriek wat oor die nodige akademiese potensiaal beskik maar nog nie ten volle aan universiteitstoelatingsvereistes voldoen nie.
- 'n Eenjarige akademiese diploma vir studente met matrikulasievystelling, waarmee krediete vir graadstudie verwerf kan word.
- Beroepsgerigte nie-formele onderwysprogramme met meerdere uittreepunte maar geen toetrepunte tot die Universiteit nie.
- Sertifikaatprogramme vir persone sonder matriek.
- Beroepsgerigte diplomaprogramme vir persone met matriek.
- Akademiese programme met drie uittreepunte oor drie jaar waar 'n sertifikaat na een jaar, hoër sertifikaat na

Na behaling van die akademiese diploma kan die student sy studies in 'n bepaalde rigting aan die Universiteit vanaf die tweede studiejaar voortsit.

Reeds gedurende 1994 is daar met die ontwikkeling van soortgelyke programme in ander fakulteite, soos die Fakulteite Geneeskunde, Opvoedkunde en Lettere en Wysbegeerte, begin. "Hier bestaan opwindende geleenthede wat op nasionale vlak deur alle Suider-Afrikaanse universiteite benut kan word," sê prof Sieg Marx, Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en inisieerder van hierdie projek.

"Die samewerking met Nasionale Kolleges behoort in die toekoms groter momentum te kry aangesien hierdie ooreenkoms ook reeds doelbewus en doelgerig gebruik word as deel van die Universiteit se bydrae tot die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)," verduidelik prof Marx.




I nsurance made easy

A comprehensive manual, which should help redress the lack of published educational information in the insurance and retirement fund industries, is now available.

The Manual on South African Retirement Funds and other Employee Benefits has been written by Prof George Marx, Head of the Insurance and Actuarial Science Department and Kobus Hanekom, Senior Manager, Employee Benefits Legal Consultancy at Old Mutual.

The manual consists of three loose leaf volumes which will be updated annually.

- Volume I deals with the law and practice of the administration of retirement funds and other employee benefits, and contains summaries and discussions of the 25 most relevant acts which affect the employee benefits industry.
- Volume II deals with benefit design, fund financing and administration.
- Volume III contains a reproduction of the Pension Funds Act, the regulations,



the current PF circulars, the newly released SAICA Audit and Valuation Guide, the Income Tax Act and a reproduction of the relevant CIR Practice Note.

Some of the areas identified for further development are investment management,

administrative aspects of retirement funds and health benefits.

Further enquiries can be made to tel.

(012) 420-3469 or
(021) 92-0214.

'n Huldeblyk aan prof Fourie

Prof Johan Fourie, Hoof van die Leerstoel in Hotel- en Toerismebestuur, is op 2 September 1995 oorlede. Hy sal onthou word as een van die grootste figure in die toerismebedryf. Hy het onderskeidelik die grade BA (1971), BA(Hons) (1971) en MA (1973) - met die stedelike ekologie as studieveld aan UP verwerf. Hy was ook van 1971 tot 1979 as lektor aan die Departement Sosiologie verbonde.

Sy betrokkenheid by die privaatsektor, veral die hotel- en spyseniersbedryf, het in November 1979 begin toe hy as direkteur by die Apex Opleidingsentrum aangestel is. Hy was daarna direkteur by die Toerismeraad en later uitvoerende direkteur van die Hospitality Industry Training Board, die opleidingsraad van die hotelbedryf. Prof Fourie sal onthou word vir sy bekwaamheid, leierskap, deurstellings-vermoë en bowenal sy persoonlikheid. 'n Glimlag, selfs onder moeilike omstandighede, was deel van hom en sal altyd sy kollegas bybly.



Universiteit van Pretoria • Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe • Oudstudente : Adresinligting

Die Fakulteit wil graag kontak met al sy *oudstudente behou. As u 'n oudstudent van hierdie Fakulteit is, sal ons graag u besonderhede wil ontvang. *Communiqué* en ander relevante inligting word gratis aan ons oudstudente gestuur. Voltooi asseblief hierdie vorm en stuur dit aan ons. Indien u 'n adresverandering onder ons aandag wil bring, kan u ook hierdie vorm gebruik. Pos of faks dit aan:

Die Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Universiteit van Pretoria, PRETORIA, 0002, faks. (012) 342-2431. U is welkom om mev Estelle de Beer, Hoof: Skakelafdeling, by tel. (012) 420- 3328 te skakel indien u enige navrae het. Besonderhede van oudstudent: (Verstrek asseblief u besonderhede volledig in drukskrif)

Titel: Voorletters: Van:

Noemnaam: Nooiensvan:

Geboortedatum: Identiteitsnommer:

Geslag: UP Studentenommer:

Taalvoorkeur (Afr/Eng): Voorkeuradres (Pos/Huis/Werk):

Graad of diploma aan Tukkies verwerf: Jaar verwerf:

1.....

2.....

3.....

Posadres: Tel. (W) ()

..... Tel. (H) ()

..... Kode: Faks. ()

Huisadres: Werkadres:

..... Kode: Kode:

Huidige werkgewer: Posbenaming:

• 'n Oudstudent van die Fakulteit is iemand wat: 'n BCom- of BAdmin- graad of 'n diploma aan die Universiteit van Pretoria (UP) verwerf het; of 'n nagraadse kwalifikasie aan dié Fakulteit behaal het, of een suksesvolle studiejaar aan die Fakulteit voltooi het; of 'n ander graad of diploma aan UP of 'n ander universiteit verwerf het, maar drie jaar of meer in diens van dié Fakulteit was. Pos of faks asseblief die vorm aan bostaande adres terug.

MAGISTER EN DOKTORALE PROGRAMME IN REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

Unieke Ondersteunende
Magister en Doktorale Programme

Word 'n Finansiële Uitmunter deur
Kliëntgesentreerde Bemagtiging

Vir navrae skakel:

Die Hoof

Departement Rekeningkunde

Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002

Tel (012) 420-3411 / Faks: (012) 342-2752

DEPARTEMENT

REKENINGKUNDE

Finansiële Uitmunters - in tred met die tyd

Get the creative advantage

ink

DESIGN STUDIOS

Design, Print, Advertising and Multimedia solutions (012) 998 6151/2/3



*Are you a high earner who's got too little time to make the most of your money? If so, we would like to introduce you to the **Capital A** cheque account from Allied Bank. A cheque account that recognises that you're a person of exceptional worth. That you're a person who deserves greater attention. And that you're a person who requires specialised facilities, as well as a level of service, way above the norm.*

*How do you qualify for **Capital A**? Well, if you earn one hundred and twenty thousand rand gross a year and have net worth of two hundred thousand rand, you richly deserve the financial rewards you'll reap. Certainly with **Capital A** you accrue a lot of benefits. Like cheques guaranteed for two thousand rand. Thirty thousand rand*

*automatic overdraft, at prime. A gold Allied Bank MasterCard with a ten thousand rand limit. Vehicle finance facilities up to one hundred thousand rand. Further bonuses. You get a one hundred percent bond at one percent less than the regular rate. You may also qualify for a second loan, subject to affordability, for a holiday home. Why not talk to us about **Capital A**? You've certainly earned the right.*



**ALLIED
BANK**

People you can talk to